

jou praktiese huis-en-tuingids

tuis

SA se
No.1
huis-en-tuin-
tydskrif

0 41 91

9 771810 989007

R60,00 (BTW inkl.)
Namibië N\$60,00

April 2020

DOEN DIT SELF

'n Afgewitte
baksteenmuur

KOOK MET EIERS

Kerrie, koek &
croque monsieur

+ Maak jou eie 'potstickers'

Nuut!
Ons eerste
dekorskool
Bl. 74

REGRUK MET FLAIR-WENNERS

3 geldslim opknappe

UIT DIE BOKS

Jong argitek se
vraghouerhuis

O, SO MOOI

... met tweedehandse
kopies en verf

SELF GEDOEN

Spoggerige gesinswoning
teen net R150 000

SKRYF NOU IN VIR 2020: Daar's **R100 000** op die spel!



@homelivingspace[®]
THE HOMEWARE STORE

KOOP IN DIE WINKEL
OF AANLYN
WWW.HOME.CO.ZA

VERBEEL JOU MEER VRYE TYD

GENIET DIT GERUS

Bring dié somer meer tyd tuis deur en benut 'n ruimte wat die skoonheid van die natuur weerspieël, ten beste. Gooi jou huis oop en nooi almal, want daar's oorgenoeg plek op die rusbank. Meubels en huisware is in winkels en aanlyn te koop.





14 Vars idees



22
Leserhuis




Regruk: O, so mooi!

42



52 Regruk:
Self gedoen



90 Lesertuin



112 Breek 'n eier

12

dekor

- 12 Kopies Stal jou plante uit
- 14 Vars idees vir kreatiewe hoekies
- 22 Speelse dekor kraai koning in dié Hermanus-huis

Regruk met flair

- 32 Slim planne met 'n vraghouer
- 42 Huis vernuwe met ougoed en verf
- 52 Van donker en beknop tot oop en vars – met hul eie hande

doen dit self

- 64 Wit 'n baksteenmuur af met sement

jou tuin

- 90 Asemrowende lesertuin met heinings en groepe plante
- 104 Massa-aanplantings: S6 maak jy maklik en ekonomies tuin

in die kombuis

- 112 By dosyne! Verruklike geregte met eiers
- 122 Wonton-pakkies, stap vir stap
- 124 Kortpadkos Aandete in 'n japtrap!
- 126 Kos & drank vir die siel

geleenthede

- 74 Woon ons eerste dekorskool by
- 89 Kyk, koop en kuier by die Tuis | Home-mark

kompetisies

- 6 Sê jou sê en wen 'n prys
- 62 Regruk met Flair 2020 Skryf in en wen jou deel van R100 000!
- 78 WEN met jou troeteldierfoto's
- 88 Blokraai #140 WEN 'n boek ter waarde van R220

gereeld

- 8 Dagboek April-hoogtepunte
- 10 Wat's nuut aan die dekorfront
- 68 Raad Vra die kenners
- 72 Ougood of hougood?
- 78 Troeteldiere
- 80 Dié maand in jou tuin
- 130 Agterblad Karin Brynard gesels

Dis seker nie snaaks – of moet ek liewer sê vreemd – nie dat “loadshedding” in 2019 een van die woorde was wat die meeste gegoogel is in Suid-Afrika, aldus die sakenuus-webblad Business Insider South Africa. Meer as Meghan Markle én *Game of Thrones*, as dit jou perspektief gee ...

Hier is ons nou goed op dreef met 2020, en ek wed jou my laaste kers en vuurhoutjie “loadshedding” gaan vanjaar weër koning kraai. Selfs ná Meghan en Harry se onverwagse maar nuuswaardige “onttroning” – ‘n *game of thrones* van ‘n heel ander aard: Die Sussex’e het gebrexit voor Brexit!

Oor lag feitlik altyd beter is as huil, vra ek my Facebook-vrinne vir hul snaaksste Eskom-grappie, want ons weet mos: Ons kon darem nog altyd vir onself lag hier aan die suidpunt van Afrika. En soos talle politieke kommentators al uitgewys het: Suid-Afrika was al in veel groter moeilikheid as vandag, en ons staan nog.

Op my grappie-versoek is die Facebookers so stil soos die nag kan donker raak as die krag afaan. Behalwe een moedige probeerslag, van Melanie: Net so, in hoofletters, tik sy: EK WIL SO GRAAG ‘N ESKOM-JOKE MAAK MAAR EK HET NIE KRAG NIE! Sela.

Net vanoggend tik ek vir my huishulp, Margaret, soos altyd ‘n WhatsApp-boodskap. Ons los nou nie meer vir mekaar handgeskrewe notas op die kombuistoonbank nie, behalwe in krisistye. Soos die kriptiese boodskap van laasweek: TOILET PAPERS. So in die meervoud. Die nood was groot.

My WhatsApp begin so: “Hallo M. Loadshedding today 10–12.30. Laundry in machine. Should be done by 9.50, just before power goes off. Everything should be OK.” Jip, want dis deesdae die belangrikste nota van die dag, nie watter beddegoed gewas moet word, wat vir middagete is, of wie wat moet kom regmaak en daarom in die huis toegelaat kan word nie.

‘n Paar aande terug bespreek ek aandete vir vriende, en die restaurant troos nog voor ek kon vra: “Nee, meneer, as julle om 7.00 sit en 7.15 bestel, is die kos voor 8 op die tafel wanneer die ligte afaan, net betyds vir ‘n kersligete. Maar ons kan nie koffie bedien voor 10.30 nie, hoor, die masjien het krag nodig. Tensy julle hou van *plunger*? Ons het gasplate.” Doodnormaal, asof ons praat oor ‘n tafel binne of buite.

En my beste: Toe ek mid-beurtrag by een van die plaaslike barbier-winkels verby en vier stoele uitepak sien op die sypaadjie – met doodtevrede kliënte wat agteroor sit in die vroegoggendkoelte en nie net ‘n netjiese baardknip kry nie, maar ook vars lug. Vier koppe in ‘n ry.

Vriende, ons het dalk nie krag of “krag” nie, maar laat niemand sê ons gee nie ons beste nie ...

Die jaarlikse *Regruk met Flair*-wenners wie se huise ons in dié uitgawe wys, het ook hul beste gegee. Dalk moet ons dié vyf mense Megawatt Park of Medupi toe stuur?

Intussen: E-pos gerus vir my jou Eskom-grappie na die adres hieronder.

Wicus redakteur@tuis.co.za

- Inskrywings vir vanjaar se *Regruk met Flair* is dan nou ook amptelik oop. Ons het ‘n nuwe borg, Paint Master, en die eerste 150 mense wat inskryf, kry ‘n gratis verf- en kleurkonsultasie van dié kenners, wat ook die skeppers is van die gewilde Tjhoko Paint. *Sien besonderhede op bl. 62.*
- En laaste, maar nie die minste nie: Vanjaar is dit nie *twenty twenty* nie, sê iemand nou die dag, dis *twenty plenty*. Nou ja, benewens die Tuis|Home-mark in Mei (*kyk op bl. 89*), bied ons ook ons eerste dekorskool aan in vennootskap met MRP Home (*kyk op bl. 74*). Skryf in vir drie dae van mooimaak-betowering en ‘n intieme blik op wat agter die skerms by *Tuis* gebeur.



REDAKTEUR
Kaaipstad-kantoor
Kaaipstad-posadres
Kantoorbestuurder
Johannesburg-kantoor

Wicus Pretorius • redakteur@tuis.co.za
20ste Vloer, Media24-gebou, Heerengracht 40, Kaaipstad
Posbus 1802, Kaaipstad 8000
Amina Essop 021 406 2401
Media Park-gebou, Kingswayweg 69, Auckland Park

REDAKSIE
Artikelfredakteur
Kreatiewe redakteur
Kosredakteur
Ontwerpredakteur
Uitlegkunstenaar
Teksredakteurs
Digitale redakteur
Multimediajournalis
Fotograaf
Foto-opknapper

Shané Barnard • shane.barnard@media24.com
Marian van Wyk
Johané Neilson • johane.neilson@tuis.co.za
Andrew Maritz
Jade Cupido
Desiree Hartney en Johletta Brits
Amy Johnson
Suné Esterhuizen
Francois Oberholster
René Nortjé

MEDEWERKERS

Ina Baard, Martin Bester, Karin Brynard, Elza Cooper, Greg Cox, Paula Dubois, Gerda Engelbrecht, Marié Esterhuysen, Gillian Eva, Kosie Jansen van Rensburg, ER Lombard, Kay Montgomery, Beatrice Moore-Nöthnagel, Karl Rogers, Ludwig Taschner, JJ van Rensburg, Deryck van Steenderen, Amanda van Wyngaardt, Dina Venter

Produksiebestuurder
Algemene navrae

Kerry Nash
Donvé Myburgh 021 406 2387

ADVERTENSIES

Hoof: Advertensieverkope
(Kaaipstad en KZN)
Stuutelkiantbestuurder (Kaaipstad)
Verkoopbestuurder (Johannesburg)
Toonvenster-advertensies

Sarah Curtis-Bowles 021 461 2396
Charlene Meyer 082 928 5970
Susan Pienaar 083 281 7300
Evanne Mehl 021 461 2396

MEDIA24 LIVE

Handelshoof (projekte)
Borgskappe
Bemarkings-en-funksiebestuurder

Francois Malan 021 406 2376
Nikki Ruttiman 011 713 9147
Andile Nkosi 021 406 2257

LEEFSTYL-ATELIEE

Skeppende direkteur
Handelsbestuurder (maandeliks)
Handelsredakteur

Michael de Beer
Lise Coetsee
Gerda Engelbrecht

SIRKULASIE

Sirkulasiebestuurder
Produkbestuurder

Riaan Weyers 021 503 7179
Janine Snyman 011 713 9918

INTEKENINGE, HERNUWINGS EN NAVRAE

BEL 087 353 1300 • FAKS 086 296 6681 • E-POS subs@media24.com
SMS “tuis” na 32361 (R1 per SMS) • WEB Zinio.com of Magzter.com

MEDIA24



Tuis word uitgegee deur Media24, Heerengracht 40, Kaaipstad 8001. Tel. 021 406 2121

Uitvoerende hoof: Media24 Ishmet Davidson
Uitvoerende Hoof: Media24 Drukmedia Rika Swart
Hoofbestuurder: Media24 Leefstyl Minette Ferreira
Hoof van finansies: Media24 Leefstyl Jameelah Conway
Hoofbemarkingsbeampste: Media24 Maandelikse Tydskrifte Nerisa Coetsee

Kopiereg Media24. All regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie tydskrif mag sonder die geskrewe toestemming van die redakteur gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiering, skryf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting. Die redaksie onderskryf nie noodwendig die standpunte gehuldig in artikels, rubrieke en advertensies nie. Hoewel alle redelike voorsorg getref is om te verseker dat die advies wat in die tydskrif gepubliseer word, akkuraat is, kan die redakteur en die uitgewer geen verantwoordelikheid aanvaar vir enige verlies, skade of ongerief wat daaruit mag voortspruit nie. Die redaksie behou die reg om veranderinge te maak aan enige materiaal wat aan die tydskrif gestuur word, en kan nie aanspreeklik gehou word vir enige skade aan of verlies van die materiaal nie. Alle pryse is onderworpe aan verandering en kan verskil van winkel tot winkel; die prys in die winkel moet as die finale bevestigde bedrag beskou word.

ons lesers sê

Skryf aan ons by Tuis/Ons lesers sê, Posbus 1802, Kaapstad 8000 of stuur e-pos na redakteur@tuis.co.za. Gesels saam by tuis.co.za of facebook.com/tuistydskrif, of volg ons op Instagram by [@TuisHomeMag](https://www.instagram.com/TuisHomeMag).



WENBRIEF

10 jaar later

Mercia Kruger van die Paarl skryf Met trots dink ek terug aan 10 jaar gelede toe my tuin in die Januarie 2010-uitgawe van *Tuis* gepronk het. Ek onthou nog soos gister toe Anneke Blaise (nie meer met ons nie) en Francois Oberholster van vroegdag tot laatmiddag my tuin deurkruis het. By die foto op bladsy 78 beskryf Anneke dit so mooi: "Mercia en haar twee dierekinders, die woelige beagles Amber en Mischka." Ek moes onlangs totsiens sê aan my dierekinders, en my hart is nog baie seer. My tuinmaatjies, wat gehou het van gaatjies grawe, al snuffelende agter die kompossakke aan, is nie meer met ons nie. Ek mis my dierekinders wat so bevoorreg was om ook saam met my in *Tuis* te kon pronk.

Vir die voëls

David Gleeson van Standerton skryf Omdat ek so lief is vir die natuur sorg ek vir waterbakke en saad vir die voëls. Smiddae geniet ek 'n glas wyn op die stoep terwyl ek voëltjies kyk en luister na die mooiste voëlgesang. Met die onlangse hitte het ek besluit die tuin kort 'n dammetjie met 'n fontein. Die idee van 'n ou trekkerband kom van die internet, en die meeste van die materiaal het ek gehad. Toe spring ons aan die werk... Nou dink die voëltjies dis Krismis en geniet ek die sielskos wat dit van vroeg tot laat verskaf.



Dié kinderkamer groei saam

Esna Marais van Pietermaritzburg skryf 'n Paar jaar gelede het ons die seuns se kamer opgeknip met die oog daarop dat die vertrek saam met hulle kan groei. Dit het in *Tuis Opknip* 2016 verskyn en sedertdien het dit klein veranderinge ondergaan. Met die groot stap van my oudste wat vanjaar na Graad 1 in die "groot skool" gaan, was dit tyd vir nuwe kleur en nuwe lessenaars. Elke lessenaarblad se hoogte kan gestel word en die beddens het 'n kamoefleernet wat 'n bietjie privaatheid vir elkeen skep.



Voor

KORTLIKS

Wicus, jou redakteursbrief in die Desember-uitgawe het my aan die hart gegryp. My seun en sy Pretorianertjie het ook hul heil in Australië gaan soek. En dit het my laat wonder of hulle ook dalk eendag gaan kom soek na hul eerste tuiste hier in ons mooi land...
– Wilna Nieuwoudt, Clanwilliam



Een oggend op pad strand toe moes ek net gou by Clicks inhardloop, en wat sien ek toe op hul rakke? Die *Tuis Dagboek* 2020! Ek was so opgewonde dat ek dit net daar op die strand oopgemaak en begin lees het. Baie dankie, *Tuis*. Ek gaan definitief baat vind daarby.

– Jenny Mynhardt, George

WEN! Die skrywer van dié maand se wenbrief kry 'n Linen Drawer-geskenkbewys van R1500.

Linen Drawer vervaardig topgehalte-beddegoed van suiwer katoenperkal en linne, asook bad- en tafellinne, en lewer gratis af in SA. Hulle verskaf ook winterlakens, duvets en kussings, komberse en dekens, matrasbeskermers en bedrompe van goeie gehalte – als ontwerp om te verseker dat jy en jou gesin altyd 'n goeie nagrus kry. 'n Nuwe stel beddegoed van Linen Drawer sal jou lewe verander! Sien linendrawer.co.za.



Die redakteur behou die reg om briewe te redigeer.



Verf só slim, jy sal jou leefstyl daarby wil aanpas.

Duram se nuwe Habitat Colour Collection is 'n uitsoek-palet vir die hedendaagse woning. Die 90 ontwerperskleure wissel van subtiele aardse neutrals tot donker ink-skakerings, wat dit nou makliker as ooit maak om die gepaste kleur vir jou leefruimte te kies. Word geïnspireer deur Duram se ryk gepigmenteerde verwe vir binne en buite met diepte in kleur, luukse afwerkings en topgehalte resultate, wat boonop altyd stylvol lyk.

Vra vir Duram by jou plaaslike hardewarewinkel. Die verf wat slim ontwerp is om stylvol te lyk.

Elke kleur is te koop in 'n gerieflike en bekostigbare 90ml Colour Sample by uitgesoekte winkels. Die kleur en glans van droë verf kan verskil van dié in die advertensie.

Duram
SMART PAINT

dagboek

OP DIE KASSIE

Aansit (seisoen 1 begin 17 April op VIA, DStv-kanaal 147) is 'n splinternuwe kosprogram waarin passievolle huiskokke hul huis in 'n opskiet-eetplek moet verander en disse van restaurantgehalte optower vir die aanbieder en hoofbeoordelaar, Reuben Riffel, en 'n gasbeoordelaar. En wat 'n prys wen hulle nie! Die wenner kry 'n kosliefhebber se droomvakansie in Frankryk, met 'n besoek aan die Michelinster-restaurant JAN.



DECOREX KAAPSTAD

30 April–3 Mei: Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrum (KIKS)

Besoekers aan Decorex Kaapstad sal vanjaar se tema, "Lifestyle by Design", duidelik sien in die groot verskeidenheid nuwe uitstallings wat die jongste trends uitbeeld. Kom kyk wat Decorex se kreatiewe direkteur, Anita Bloom, as die top-10 tendense beskou by die 2020 Trends Installation, en luister wat voorste vervaardigers, ontwerpers en dekorkenners te sê het by die Instudio Trend Theatre. Sien die volledige lys van al die opwindende uitstallings waarna jy kan uitsien by decorx.co.za. Kaartjies kos R110 vir volwassenes, R100 vir studente en pensioentrekkers, en R20 vir kinders onder 12. Skakel 011 549 8300 vir besonderhede.

KIES TIERLANTYNKIES KUIER-EN-KOOPFEES

30 April–5 Mei: Zwavelpoort, Pretoria-Oos

Bring die hele gesin vir 'n fees van kreatiwiteit by KIES Tierlantynkies. Meer as 90 uitstallers is vanjaar op die skou te sien met 'n verskeidenheid handgemaakte mooigoed en heerlike eetgoed. Teug aan 'n glas wyn en geniet 'n optrede deur plaaslike musikante terwyl die kleingoed baljaar. Kaartjies kos R35 en kinders onder 18 gaan gratis in. Koop joune by tierlantynkies.co.za.



DIE JOHANNESBURGSE CAP CLASSIQUE & CHAMPAGNE-FEES

4–5 April: Inanda-poloklub, Johannesburg

Besoekers by die Johannesburgse Cap Classique & Champagne-fees, geborg deur Sanlam Private Wealth, sal weereens Suid-Afrika se voorste MCC's, 'n keur van Frankryk se beste sjampanjes en vernaamste Italiaanse prosecco-handelsmerke kan ervaar. Tooi jou in blou en wit – dalk slaan jy 'n prys los! Verskeie kosstalletjies sal die hongerpyne stil en lewendige musiek sal die ontspanne atmosfeer van die dag inkleur. Kry kaartjies teen R395 by webtickets.co.za. Skakel 084 207 3820 vir inligting.



Saamgestel deur Suné Esterhuizen

Stuur dagboeknuus minstens drie maande vooruit na dagboek@tuis.co.za.

April-flitse

3–4: Proe meer as 250 van SA se beste wyne en ontmoet die wynmakers by die 11de Mpumalanga-wynskou in die Emnotweni Arena in **Mbombela**. Kaartjies kos R200 by computicket.com.



7: Hoor wat die internasionale ontwerpkenner John Wai Lam te sê het oor globale ontwerpdenke by The Design Assemblage in Illovo, **Johannesburg**. Bespreek jou gratis sitplek by thedesignassemblage.com. Skakel 071 100 7834 vir besonderhede.

10: Goëie Vrydag

11: Besoek die Irene Village Market by die Big Red Barn in **Olifantsfontein** vir 'n spesiale Paasaweek-ervaring. Doen jou inkopies terwyl die kinders besig bly met Segway-ritte, bergfietsroetes en meer. Skakel 060 965 4894 of besoek irenemarket.co.za.

12: Laat die kleinspan soetgoed soek langs die Paashaas se roete op Ludwig's Rose Farm in **Pretoria**. Skakel 012 544 0144 om te bespreek of besoek ludwigsroses.co.za.

13: Gesinsdag

17: Mei se Tuis is op die rakke!

18: Besoek die skaarsplant-skou en privaat tuine op die Tokara-wynlandgoed, **Stellenbosch**. Toegangsgeld gaan vir liefdadigheid en kos R50 per persoon; dis gratis vir kinders onder 10. Sien tokara.com.

23–27: Die herfs-uitstalling van KAMERS/Makers by St David's Marist Inanda in **Sandton** sal meer as 180 stalletjies hê. Kaartjies kos R70 by plankton.mobi of R100 by die deur. Sien kamersvol.com.



25–27: Loer oor die langnaweek in by die Suid-Afrikaanse Kaasfees op Sandringham buite

Stellenbosch. Toegang kos R240 per persoon, R200 vir pensioentrekkers en R20 vir kinders onder 13. Koop kaartjies by computicket.com.



25–27: Moenie die jaarlikse Protea Cullifest op **Cullinan** misloop nie! Daar sal stalletjies wees met huisware, vars snyblomme, plante en meer. Besoek cullifest.co.za om kaartjies teen R100 elk te koop.

27: Vryheidsdag

27 April–3 Mei: By die Suidoosterfees in **Kaapstad** kan jy uitsien na musiek, teater, visuele kuns en meer. Sien al die besonderhede by suidoosterfees.co.za en koop kaartjies by computicket.com.

eclipse

innoverende kasoplossings



blum

**DYNAMIC
SPACE**

Idees van Blum
vir praktiese kombuise

www.blum.com/ideas

Op die foto: LEGRABOX free-laaistelsel

Omskep jou kombuiskas in 'n lieflike, praktiese spens met **SPACE TOWER**.
Die interne laaie bied oorgenoeg bêreplek en maklike toegang.
Spesifiseer 'Oorspronklike Blum-gehalte'. Gewaarborg vir die leeftyd van jou meubels.

BESOEK ONS VERTOONLOKALE

SANDTON (011) 444 8118 • KAAPSTAD (021) 555 2282

DURBAN (031) 579 2620 • PORT ELIZABETH (041) 581 0219

0861 325 4773 (eclipse) • www.eclipsegroup.co.za




Skandeer QR-kode
vir AR-ervaring.



wat's nuut

Saamgestel deur **Shané Barnard**



Arielli Forest

Palmero Mineral

Lugar Chartreuse

Uit Lapland

Studio G se nuwe Palmero-versameling (R800/m) is nou te kry in Suid-Afrika, eksklusief by Hertex. Dis gemaak van geborselde suiwer katoen, en spog met botaniese ontwerpe, kunstige teksture en sagter geometriese patrone. Verken jou wilde sy met diep, donker skakerings en treffende blommotiewe, of skep 'n kalm toevlug met fyner flora en sagter kleure.



Fireside

Off the Beaten Track

Treehouse

Laat dié Bertie-lamp van The Lighting Warehouse (R599; lightingwarehouse.co.za) jou lessenaar of bedkassie opvrolik.


Kyk bietjie na Paint & Décor se lieflike Slow Living-reeks met 20 nuwe kleure, beskikbaar in 50 ml-toetspotjies (R30), of groter potte van 1 liter (vanaf R165) tot 20 liter. Besoek paintdecordi.com.

Nuut op straat

Sheet Street het sy eie reeks basiese meubels, soos rakke, kanttafels, stoele en lampe, bekendgestel. Die reeks is beskikbaar by uitgesoekte winkels, insluitend Cape Gate, Menlyn Park Shopping Centre, Mafikeng Mall, Limpopo Mall en The Pavilion. Besoek sheetstreet.com.

1 Kanttafeltjie met houtblad (R499,99)

2 Laaikas met vier laaie (R599,99)



SKEP EN INNOVEER!

WIE Mariana Smal

WAAR Hermanus

BESIGHEID Beli Em

HAAR WERK Toe Mariana Smal lus raak vir 'n kreatiewe uitdaging, het sy haar vaardighede in pottebakkerie en meer onlangse ervaring van sement saamgevoeg en Beli Em Designs begin. Sy ontwerp tafellampe en hangligte wat met die hand gemaak word uit beton en hout.

"Ek hou van minimalistiese en industriële ontwerp, en die kombinasie van materiale in die lampe komplementeer mekaar wonderlik," vertel sy. Sien haar reeks van vier tafellampe en vier hangligte (vanaf R650) by Facebook.com/Beli.EmDesigns.

Die huiswarewinkel @home en die verf-en-kleurkenners by Duram het hande gevat en die 2020 Colour Trends-verslag uitgebring. Kry inspirasie uit een van die drie temas – Minimalist, Luxe Lover of Trendsetter (*foto onder*) – en kikker jou leefarea op, betyds vir die nuwe seisoen. Besoek home.co.za of duram.co.za vir nog inligting.

Duram Spring Tide

Rottangskerm
R4 999 en kunspan-
t in sementpot (regs)
R399, home.co.za



IN JOU MANDJIE

Block Basics is 'n nuwe aanlynwinkel met prettige, funksionele en trendy dekor-staatmakers uitgesoek deur die span agter Block & Chisel. Die reeks bestaan uit 'n goeie verskeidenheid meubels en huisware wat só gekies is dat jy stukke maklik kan meng en pas. Ons hou van die Vita Bauhaus-deken in twee kleure, Granite Iron en Nugget Gold (*bo, heel links*; R695). Hulle hou relatief min voorraad aan, wat eksklusiwiteit in jou dekor verseker. Sien meer by blockbasics.co.za.

Local is lekker

Swartland het onlangs Summit XPS Insulation Board bekendgestel as deel van hul Summit-reeks wat bestaan uit isolasie- en dekoratiewe plafonprodukte. Die plaaslik vervaardigde XPS is in wese 'n uitgeperste polistireenskuim-bord wat ontwerp is om 'n enkele laag termiese en vogbeskerming op mure, dakke of vloere te skep, en so by te dra tot die algehele energie-doeltreffendheid van die gebou. Vir nog inligting, besoek summitxps.co.za.



MODERNE ERFSTUKKE

The Travelling Willow is 'n reeks keramiekware met pragtig geïllustreerde tonele uit stede soos Kaapstad, New York, Tokio, Sydney en Amsterdam deur die kunstenaar Sarah-Jane Jordaan. Die handgemaakte borde, vervaardig in samewerking met Mervyn Gers Ceramics, is te kry in stalle van vier eetborde en vier klein-bordjies (R2380), of een-een (vanaf R250 stuk). Klante kan ontwerpe meng en só 'n besonderse stel opmaak. Bestel by riseandshineworks.co.za.

Natural Selection se reeks 100% GOTS (Global Organic Textile Standards) -gesertifiseerde organiese katoenbeddegoed kom in lieflike, kleurrike patrone met uitruilbare ontwerpe. Die patrone, met die hand gedruk in nie-giftige inkt, sal 'n speelse bekoring aan jou slaapkamer verleen. Beddegoed in verskillende groottes (vanaf R1 550 per stel) kan bestel word by natural-selection.co.za. 



Glasvaas met reliëf-
blaarmotief (10cm)
R19,99, The Crazy Store

Hanging Maize-
mandjie R159,99,
MRP Home

Stal dit uit!

Bring lewe in jou huis met
blomme en plante in 'n mooi
nuwe vaas of planthouer.

Saamgestel deur Shané Barnard

Lashes-plantpot
R59,99, Sheet Street

Ovaal kopervaas
(30 x 19 cm)
R499, @home

Metaal-muurraam
met 6 potte
R399,99,
MRP Home

Mini-Bullet-planthouer
(21,5 cm H; staander
ingesluit) R345, Knus

Tortilla-mandjie
(groot) R995, Haus




KeniKen-plantsakke van linne R195 elk, Blink



Protea-planthouer van sement (groot; 19,5cm B x 18cm H) R159,99, MRP Home



Swart en goue seshoekige planthouer (klein; 62 cm H) R650, Poetry



Country Road Dane-vaas (groot; 20 x 20 x 32 cm) R498,99, Woolworths



Present Time Nostalgai-vaas in pienk (9cm D x 17,5cm H) R249, Superbalist



Hyacinth-planthouer (43 cm H) R350, Woolworths



Vlootblou en goue planthouer R259,99, MRP Home



Rafiki-vaas (22 x 18 x 26 cm) R699, Rialheim

Kreatiewe kinkels

Het jy lus om 'n saai hoekie in jou huis op te dollie? Laat dié slim planne jou lei...

Deur Beatrice Moore-Nöthnagel

Foto's Francois Oberholster • Stilering Marian van Wyk

Keramiek-hasies van
Sootcookie Ceramics

'n Ander deuntjie

Stefan Blom en Albie du Toit van Groenpunt in Kaapstad het die kleur pienk gebruik om vloei en sprinkel in 'n andersins vervelige gang te skep. Dié ruimte is ook die "musiekkamer" met Stefan se klavier uit sy kinderdae.

Pleks van net 'n pienk fokusmuur verf, het hulle die kleur teen die plafon gebruik en herhaal op die klavierbankie se kussing. 'n Groot foto deur Gary van Wyk skep 'n treffende fokuspunt bo die klavier, terwyl meer van sy foto's, asook ander deur Antonia Steyn (en Stefan en Albie se eie), op die muur regs pryk. 'n Gesin keramiek-hasies op die klavier gee 'n speelse gevoel aan die ruimte.

Ons is dol hieroor!

Noudat die gaatjiebord 'n werkvlak bygekry het, is die eenheid ook 'n lessenaar!

'n Gaatjie vir als

Chanelle Steenekamp het die gebruik van gaatjieborde in dekor op Pinterest en later ook op *Tuis* se Facebook-blad gesien. Sy het besluit om self so iets in haar klein tuisstudeerkamer te probeer: Chanelle en haar man, Johan, het drie rou dennehoutplanke en 'n paar tappenne by Builders gekoop, waarna Johan versigtig gate in die planke geboor het vir 'n gaatjiebord-effek.

Klein rakke van wisselende lengtes bied uitstalplek en kan rondgeskuif word vir 'n vars voorkoms. Later het 'n wit melamienblad en twee stutte bygekom wat nou as klein lessenaar dien, perfek vir 'n skootrekenaar. >>

Mila-plantpot en mat van MRP Home



Bo tot onder

Om te keer dat hul galerymuur te besig of onsamehangend lyk het Stefan Blom en Albie du Toit dit beperk tot 'n swart-en-wit palet met tittels rooi en geel. Kunswerke en foto's hang van die vloer tot gelyk met die deur om 'n gevoel van hoogte te skep.

Party rame staan op foto-rakke, en ander hang teen die muur. Boodskappe soos "You are here" moedig gaste aan "om in die oomblik te leef", sê Stefan.



Elkeen op sy plek

Al deel Rachel (9) en Benjamin (6) Mountain 'n slaapkamer, het elkeen 'n eie "studeerruimte". Ma Belinda het by Cathrin Bolt van Nowadays Interiors om raad gaan aanklop en belê in twee aparte lessenaars – 'n praktiese manier om onmin tussen die twee te verhoed!

Grys, rooi en blou is 'n geskikte kleurskema vir seuns én meisies, terwyl die plakpapier (Pajaro van die Britse handelsmerk Scion) ewe goed sal werk in 'n kind, tiener én volwassene se kamer. Verskeie kunswerke skep 'n interessante fokuspunt bo die lessenaars. "Ek wou die kinders die vryheid gee om hulself uit te druk, sonder om elegansie in te boet met botsende style en kleure," sê Belinda. 🏠



Lessenaars en draad-
rak van @home

VERSKAFFERS EN KONTAKTE

@home 0860 834 834, home.co.za
 Builders 0860 284 533, builders.co.za
 MRP Home 0800 212 535, mrphome.com
 Nowadays Interiors 011 794 3093,
nowadaysinteriors.co.za
 Sootcookie Ceramics 082 087 8110,
facebook.com/SootcookieCeramics

MINDER PLASTIEK, MANJIFIEK.

As deel van ons strewe om die hoeveelheid plastiek wat die omgewing benadeel te verminder, het ons die plastiekverpakking van ons duvetoortreksels uitgeskakel. Voel 100% goed vir die planeet.

together
we do good.



Getekstureerde duvetoortrekstel
3/4 **R399.99** D **R499.99**
Q **R599.99** K **R659.99** SPK **R699.99**



Geborduurde duvetoortrekstel
met sagte tekstuur
3/4 **R399.99** D **R499.99**
Q **R599.99** K **R659.99** SPK **R699.99**

NUWE KOOPKIEKIE



Neem 'n foto van enige item waarna jy op soek is, en ons sal 'n soortgelyke **mrphome**-item aanbied vir tonne minder. Regtig, laai die jongste weergawe van ons app af en probeer dit!



- ① Langpoolkometers 180 x 200cm **R199.99**
- ② Getekstureerde sherpa-kussing 60 x 60cm **R199.99**
- ③ Geborduurde kussing 60 x 60cm **R199.99**
- ④ Geweefde getekstureerde kussing 60 x 60cm **R199.99**
- ⑤ Bronx-gordyne met ogies 140 x 225cm **R249.99** elk
- ⑥ *Groot Pampasgras **R139.99** Klein **R59.99**
- ⑦ Koningingrootte-getekstureerde kwielt **R359.99** K **R399.99** SPK **R429.99**
- ⑧ Kunsplant **R99.99**
- ⑨ *Groot bamboeshanglamp **R799.99**
- ⑩ *Rottangkopstuk 160 (l) x 3 (w) x 54 (h) cm **R2500**
- ⑪ *Ronde spieël met houtraam 90cm **R1500**
- ⑫ Getekstureerde jacquard-kometers 150 x 200cm **R199.99**
- ⑬ *Rottang-kanttafel 50 (l) x 50 (w) x 47 (h) cm **R999.99**
- ⑭ *Goiingmat 180 x 270cm **R2000**
- ⑮ Jacquard-omvoubadhanddoek **R199.99** Handdoek **R99.99**
- ⑯ Jasmine body and home-geure vanaf **R49.99** elk

AANLYN | IN DIE WINKEL | APP

Produkte vanaf 19 Maart 2020 beskikbaar, terwyl in voorraad. *Alle items met 'n asterisk aangedui, sowel as meubels, is aanlyn beskikbaar by **mrphome.com** of in uitgesoekte **mrphome**-winkels.

BAIE OM VAN TE HOU MIN OM TE SPANDEER

Daar is nie iets soos te veel lae nie!
As jy tekstuur in jou huis gebruik,
is meer meer! Hierdie pragtige,
natuurlike binneversiering
inspireer daardie rustige gevoel.



R149⁹⁹

Enkel gedrukte
duvetoortrekstel
van polikatoen

3/4 R199.99 D R279.99
Q R329.99 K R379.99



Magnoliageurkerse
7 x 7.5cm vanaf

R29⁹⁹
elk

mrphome

SÊ JOU SÊ, NATUURLIK

Ons reeks rottangmeubels is net wat jy nodig het vir hierdie ontspanne voorkoms. Hierdie meubels is hoog in die mode en bied die perfekte tekstuur aan enige vertrek!



Skandeer hierdie QR-kode en bekijk die hele reeks!

Rottanmeubels vanaf 23 Maart beskikbaar



- ① Groot keramiekvaas **R129.99**
- ② Teeliggiehouer **R49.99** ③ Dekoratiwe bord **R259.99** ④ Bolvaas **R99.99** ⑤ Dekoratiwe bal **R159.99** ⑥ *Houtraamspieël **R999.99**
- ⑦ Gebande Lucca-gordyne 270 x 218cm **R559.99** elk
- ⑧ Willowlamp **R499.99** ⑨ *Rottang-emmerstoel 91 (l) x 68 (w) x 80 (h) cm **R1600** ⑩ Geweefde kussing 40 x 60cm **R179.99** ⑪ Groot vaas **R139.99**
- ⑫ Selfstaande keramiekvaas **R199.99**
- ⑬ Keramiekvaas **R79.99** ⑭ Mediumgrootte mandjie **R359.99** Groot **R399.99** ⑮ *Studio-leuningbank 197 (l) x 140 (w) x 82 (h) cm **R6500**
- ⑯ Versierde strooideken 140 x 160cm **R399.99**
- ⑰ *Klein Pampasgras **R59.99** Groot **R139.99**
- ⑱ Magnolia-pilaarkerse vanaf **R29.99** elk
- ⑲ Natuurlike rame 10 x 15cm **R79.99** elk
- ⑳ *Bamboesraamspieël **R999.99**
- ㉑ Dekoratiwe sfeer **R259.99**
- ㉒ *Rottang-kanttafel 50 (l) x 50 (w) x 47 (h) cm **R999.99**



NUWE KOOPKIEKIE

Neem 'n foto van enige item waarna jy op soek is, en ons sal 'n soortgelyke mrphone-item aanbied vir tonne minder. Regtig, laai die jongste weergawe van ons app af en probeer dit!



R79⁹⁹ elk

Keramiekvase



R299⁹⁹ elk

Gedrukte geometriese mat 120 x 180cm ook beskikbaar in vlootblou en oker

'N HARTLIKE VERWELKOMING VIR GROOT WAARDE

Ervaar daardie 'aaa'-gevoel elke keer wanneer jy in jou kamer instap. 'n Sitkamer geïnspireer deur natuurlike kleure, met wen-teksture hier reg voor jou!



R199⁹⁹ elk

Getekstureerde
kussings
50 x 50cm, 55 x 55cm

AANLYN | IN DIE WINKEL | APP

Produkte vanaf 19 Maart 2020 beskikbaar, terwyl in voorraad.

*Alle items met 'n asterisk aangedui, sowel as meubels, is aanlyn beskikbaar by mrphome.com of in uitgesoekte [mrphome](http://mrphome.com)-winkels.

 **mrphome**

Blikboks vol skatte

Deur Shané Barnard
Foto's Francois Oberholster
Stilering Marian van Wyk

Weggooigoed word uitstalgoed in dié karaktervolle woning teen die hange van die Kleinrivierberge.



Stapeldeure hou die bobbejane uit die Duckitts se kuierstoep. "Die argitek het dit eintlik as 'n oop boks ontwerp, maar ek het sommer reguit vir hom gesê 'sodra jy loop, sit ons deure in!' Hy het net sy hande in die lug gegooi. Wat kon hy nou eintlik doen?" sê Carla en lag. Die sementsitplekke het sy jare gelede by 'n kwekery gekoop. Met die nuwe sinkbekleding is die huis "Blikbox" gedoopt. Selfs die jacuzzi het 'n sinkdeksel.

Tuingereedskap en ander
toebehore word in dié
“baksteenkas” met sy
houtdeure gebêre.

Verfkleur

Dulux Gravel Pit

SPRING OF DUUK NA
KANTE VAN DIE RAD
EN SLENTERY OP
PLATFORM VERBOD.

WIE WOON HIER? Carla
en Charles Duckitt
WAAR Voëlklip, Hermanus
GROOTTE 340m²

Hermanus het nog altyd spesiale herinneringe gehad vir Carla en Charles Duckitt. Hier het Charles se familie jare lank vakansie gehou, en die rustige atmosfeer van die buurt Voëlklip was perfek om die toevlug te skep waarheen hul studentekinders kon ontsnap terwyl die paartjie self nog in die buiteland gewoon het.

Carla was uit die staanspoor oortuig dat hulle dié effens afgeleefde huis moet koop toe sy dit op 'n eiendomswebblad raaksien, maar Charles-glad nie. "Hy het twee máánde lank daaroor gedink – 'n leeftyd wanneer mens 'n aanbod moet maak," onthou Carla.

"Uit die bloute een oggend sê

Charles toe dis reg, ek moet die eiendomsagent bel." Uiteindelik het die tydsberekening in hul guns getel, want weens 'n insinking in die eiendomsmark kon hulle die huis teen 'n winskoop kry.

Dit was in 2013, toe die paartjie nog in Hamburg, Duitsland, gewoon het waar Charles as ingenieur gewerk het. Eers met sy aftrede in 2017, nadat hulle weer in Johannesburg en daarna 'n ruk in Houston, Texas, gewoon het, het hulle hier by die see kom neskop.

In die eerste net meer as drie jaar nadat hulle gekoop het, het die huis onveranderd gebly, vertel Carla. "Dit was maar donker en benoud – veral onder, waar daar heelwat waterdigtingsprobleme was. En die afwerkings was oudmodies."



"Al die padtekens is wettig bekom – nie een is gesteel nie!" verseker Carla. "Toe ons in Houston, Texas, gebly het was die Round Top Antiques Fair naby Austin 'n ongelooflike ervaring; dis waar ek die geel padteken met die skoolkinders op gekoop het. Die geel skoolbusse was oral te sien en by elke bushalte was daar gewoonlik so 'n teken." Die nommerplate dien as 'n soort poskaart van al die dorpe waar die Duckitts al gewoon het – van Sasolburg tot Hamburg.

Geel trommel van Walker Bay Recycling



Ek het al letterlik op skrootwerwe rondgeklouter om goed te kry wat ek wou hê. – Carla



Die Duckitts kuier heerlik op dié toegeboude stoep, ongeag die weer. Omdat die braai-plek deel is van die leefvertrek, het hulle besluit om 'n suigwaaier te laat inbou ter wille van vars lug.

Eetkamertafel en bankies van Sevens

Grondvloer



Eerste vloer





Sink en sement

Toe Carla eindelijk die kans kry om haar eie stempel op die huis af te druk, het sy reeds 'n duidelike prentjie in haar kop gehad: 'n oopplan-leefruimte, sementvloere, eenvoudige, praktiese afwerkings en byderwetse sinkbekleding reg rondom die huis.

Nadat sy in die Maart 2016-uitgawe van *Tuis* die "sinkhuisie" gesien het wat Marcus Smit van Marcus Smit Jacobs Architects vir sy pa gebou het, was Carla vasbeslote dat hy moes help om haar idee van 'n "blikhuis" werklikheid te maak. Hulle het aanvanklik 'n ander argitek genader, maar dié verhouding was gou op die rotse. Oor die verhouding tussen haar en Marcus, sê Carla: "Dit was 'n match made in heaven. Ons het baie koppe gestamp, maar nou is ons groot vriende."

Die opknapwerk het in Januarie 2017 begin, en in Mei 2018 was die prentjie voltooi. Een van die grootste veranderinge was om die balkon aan die oostekant op die boonste verdieping toe te bou en daarvan 'n braaistoep te maak. Die hele huis het nuwe sementvloere gekry en die kombuis en badkamers het nou trendy sementblaaie.

"Die huis het nou 'n heerlike vloei," sê Carla. "Daar is altyd 'n kol waar 'n mens kan sit en kuier, ongeag die wind en weer. En ons is dol oor die berg-uitsig van die boonste verdieping af." >>

Terwyl die Duckitts in Hamburg gebly het, het Carla en twee vriendinne spesiaal na die distrik Boleslawietsj in Pole gery vir dié breekware ([links](#)). Met Kerstyd word die beeldjie 'n Duitse engel wanneer Carla haar vlerke aansit.

[HIER KOOP CARLA GRAAG]

Op Hermanus

- Over and Over
- Snuffels
- Romantiques.

In Johannesburg

- Oudhedewinkels in Long Street, Albertville/ Newlands
- Orejen, Linden

'n Knus sitkamer digby die nuwe braaistoep en oopplankombuis verskaf gemaklike sitplek.



Dié kassie was 'n vonds by Orejen in Linden. Die kunswerke het Carla as kunsstudent in ruil vir haar erdewerk gekry.



Van ashoop tot skatkis

Carla het nog nooit dinge volgens die boek gedoen nie en haar dekorstyl weerspieël haar tong-in-die-kiesbenadering tot die lewe. “Dis vir my lekker om mense te laat lag, en ek glo dekor kan ook speels wees,” vertel sy.

Sy beskryf haar styl as eklekties en ingeleef. “Ek hou van die idee dat meubels ’n storie moet kan vertel.” En amper elke dekorstuk in haar huis hét sy staaltjie: Baie kan getuig van hul vorige lewe op ’n skrootwerf, of was ’n winskoop op Facebook Marketplace.

“My ma is baie lief vir oudhede en sy het die mooiste

goed. Maar ek hou letterlik van *junk*! Ek geniet dit om artikels wat dalk nie tradisioneel ‘dekor’ is nie, op ’n kreatiewe manier in te span.” Die ou uitstalkas in die oopplan-kombuis is byvoorbeeld pakplek vir tafellinne en messegood. Carla het dit jare gelede vir R250 gekoop toe ’n breiwinkel op Sasolburg toegemaak het; dit het net ’n nuwe blad gekry. Die spatpaneel agter die stoof is nog ’n skrootwerf-vonds wat Carla se prettige styl vasvang.

“’n Mens moet tuis voel in jou eie huis,” glo sy.



Carla wou baie graag ’n rooi stoof hê en het dié Elba-stoof by Kloppers in Bloemfontein raakgeloop.



Die plafon in die hoofslaapkamer en suite het 'n interessante tekstuur danksy die houtbekisting wat tydens die bouwerk gebruik is. Carla het so baie van die voorkoms gehou dat sy besluit het om dit net so te los. Die deken was haar ouma se handewerk.



Carla is dol oor die voorkoms van sementoppervlakke, daarom het die ingeboude bad dieselfde afwerking as die res van die badkamer. Die spieël bo die wasbak was deel van 'n ou spieëltafel.

Handdoeke van Barrydale Hand Weavers



'n Ou veermatras se raamwerk (bo) hang bo die bed in die gastekamer.

Muurbehangsel van Koöperasie Stories; bedkassie van Ikea



Tydens die opknop het die Duckitts besluit om die vyfde slaapkamer in 'n ateljee te omskep waar Carla weer pottebakkerij kan beoefen en deesdae ook lesse daarin aanbied vir 'n klein groep studente. 🏡

Teëls van Veelvlak Signature Surfaces



VERSKAFFERS Barrydale Hand Weavers 028 572 1488, barrydaleweavers.co.za
 Kloppers 051 400 5500, kloppers.co.za Koöperasie Stories 076 303 9336,
kooperasiestories.co.za Marcus Smit Jacobs Architects 021 852 1362,
marcusssmit.co.za Orejen 083 303 3063, orejen.co.za Over and Over
 028 312 3307 Romantiques 028 312 4226 Sevens 010 040 7828, sevens.co.za
 Snuffels 028 312 1802, snuffels.co.za Veelvlak Signature Surfaces
 028 316 3296, vvlvk.com Walker Bay Recycling 028 312 2035

tuis
REGRUK
MET FLAIR
Uit die boks
Wenner!

WIE WOON HIER?

Christian Greyling

WAAR Pretoria

GROOTTE 14,4 m²

Dink groot, leef klein

Danksy 'n praktiese aanslag en noukeurige beplanning is 'n tweedehandse skeepsvraghouer nou 'n indrukwekkende mikrohuis.

Deur Dina Venter • *Foto's* Elza Cooper • *Stilering* Amanda van Wyngaardt



Christian se lessenaar vorm 'n belangrike deel van sy woonplek. "Omdat ek dikwels ná ure werk en nie elke aand my goed wil wegpak nie, het ek my lessenaar só ontwerp dat dit nie wegvou nie, maar eerder dat die bed daarbo kan rus."

Swart bekere en skinkbord van Woolworths

“V ir 'n argitek is dit maar moeilik om in 'n huis te woon wat 'n ander ou ontwerp het,” sê die argitektuurstudent Christian Greyling. “'n Mens kyk anders na jou eie spasie en jy dink krities na oor elke detail wanneer jy jou eie kliënt is,” verduidelik hy.

Daarom, toe hy begin beplan aan sy eie mikrohuis in 'n vraghouer, wou hy dié taak nie aan 'n ander argitek oorlaat nie. Hy het sy drome self op papier gesit en uitgevoer – en verlede jaar die “Uit die boks”-kategorie in ons *Regruk met Flair*-kompetisie gewen met die vernuftige eindproduk.

As voorgraadse student het Christian toevallig die YouTube-kanaal Living Big in a Tiny House ontdek en 'n getroue volgeling van die Tiny House-beweging geword. Met sy graad in sy sak het hy saam met vriende in 'n kommune ingetrek en deelyds begin werk terwyl hy sy honneursgraad voltooi. Die huur moes hy self bybring.

“Maar dit het nie sin gemaak dat ek elke maand R4 500 uitgee op 'n plek wat nie aan my behoort nie,” vertel hy. Met die YouTube-video's in sy agterkop het Christian begin wonder of dit nie meer kostedoeltreffend sou wees om die geld wat hy op die twee jaar lange huurkontrak sou bestee, in 'n plek van sy eie te belê nie. Maar as deelydse student kon hy nie 'n lening kry nie.

“Ná net twee maande in die kommune het ek my pa gevra of hy bereid sou wees om die kapitaal aan my voor te skiet. Pleks van elke maand huur betaal, sou ek hom eerder terugbetaal.”

Christian se pa, Jan, het ingestem...

Die versterkte staaldak het 'n oorhang voor en agter om reënwater weg te lei en skadu te verskaf. Dit is vasgebout sodat Christian dit kan verwyder indien hy die houer eendag wil skuif.



Danksy pa Jan, 'n elektrisiën, se vernuf en kennis van sonkrag is die huis heeltemal selfonderhoudend. Panele op die dak hou verskeie toestelle, waaronder al die beligting, 'n wasmasjien, yskas en internetverbinding, aan die gang – en sorg vir 'n lekker warm stort elke dag.



Een van die redes waarom mikrohuise al hoe gewilder word, is *die verskuifbaarheid*. Ek wou hê die houer moet op enige plek kan staan, sou ek dit wou skuif. – *Christian*



Die mikrohuis staan op baksteenplaveisel wat Christian en 'n handlanger in 'n vierkant gelê het.

Staanplek vir 'n boks



Omdat Christian 'n staanplek vir sy mikrohuis naby sy werk en die universiteit in Pretoria nodig gehad het, het hy by sy oom en tannie gaan aanklop.

"Hulle woon op 'n kleinhoewe. Daar was genoeg plek, en omdat hulle nie aan al wat 'n munisipale verordening is hoef te voldoen nie, was toestemming van die stadsraad nie nodig vir so 'n projek nie." Strukture sonder 'n fondasie is ook nie onderworpe aan munisipale bouvereistes nie, daarom kon hy feitlik onmiddellik aan die werk spring.

Christian het besluit om sy huis rondom 'n skeepsvraghouer te ontwerp omdat dit 'n baie kostedoeltreffende raamwerk bied. "Dis sterk, goed bestand teen roes, en die prys per vierkante meter maak dit baie aantreklik." Die houters is beskikbaar in 'n standaardwydte van 2,4m, met lengtes van 6m of 12m. In die gees van 'n ware mikro-leefstyl het hy in Maart 2018 die kleinste een by Container World gekoop. En toe kon die projek begin. "Die grootste uitdaging van my lewe," sê hy. >>



Die bed is teen die vraghouer se oorspronklike sy-opening aangebring en Christian maak die deur graag wyd oop vir beter ventilasie. "Dis baie lekker vir 'n middagslapie in die somer!" Die bed word met 'n katrolstelsel beheer en rus op houtstutte in die muurbekleding. Die boekrak dien as trap na die bed. Kleurblok-kussing op bed (links) en houtskool kussing op bank (onder) van Woolworths



ITALTILE

LIVE BEAUTIFULLY



KLEURKODE.

Suid-Afrika se grootste en opwindendste reeks laslappie-teëls wag vir jou by Italtile. 'n Pragtige kaleidoskoop van helder blomme, grafika, geometriese patrone en stamsimbole. Vir die liefde van alles met patrone, stap weg van veilig, skandeer hierdie **QR-kode**, en draai rondomtalie op die kleurewiel van die lewe met Italtile. **Waar jou beeldskone lewe begin.**

Ons vertoonlokale is 7 dae 'n week oop. www.italtile.co.za/storefinder

AANLYN WINKEL 010 271 2272



italtile



italtilesa



italtilesa



italtile


ITALTILE

LIVE BEAUTIFULLY


Christian berei sy kos op 'n basaarstofie wat hy só gemonteer het dat hy maklik onder die branders kan skoonmaak. Krag- en waterpype is op die oppervlak aangelê eerder as versteek, aangesien dit onderhoud vergemaklik en ook omdat hy van die industriële voorkoms hou.



Christian het soveel moontlik oorblywende materiale benut. Sô is 'n glasblad gebruik vir 'n afslaantafel wat aan 'n ketting hang waar hy saans eet of saam met kuiergaste bordspeletjies speel.



Netheid is baie belangrik in 'n klein spasie; die laaie onder die bank hou boeke en artikels wat andersins sou rondstaan, uit die oog en uit die pad.



Terugslae en suksesse

Ondanks Christian se deeglikheid van "beplan twee keer, doen een keer" was daar heelparty terugslae. "Ek wou telkemale opgee! Ek het aanvanklik baie goed verkeerd gedoen en daaruit geleer. Dit was 'n fantastiese leerskool."

Hy is self verbaas dat die toilet en stort met sy eerste probeerslag 'n sukses was. Maar die teëlwerk was 'n ander storie. "Ek het die teëlsement lekker dik aangemaak en behoorlik opgeplak, en kort voor lank het dit deur die mosaïekvelle begin peul. Teen die volgende oggend was dit so hard, ek kon dit glad nie van die mure en teëls afkry nie." Hy het elke selfdoen-webblad geraadpleeg en op verskeie maniere probeer red wat te redde was. Uiteindelik het sy ma die oplossing gehad. "Sy't voorgestel dat ek dit eenvoudig afskuur met staalwol. En dankie tog dit het gewerk, want anders sou ek alles moes afkap en oordoen," sê hy en lag.

Christian woon nou al meer as 'n jaar in sy mikrohuis, en geniet elke oomblik. "Dit was glad nie vir my 'n aanpassing nie, want ek was gewoon aan 'n koshuiskamer," skerts hy. Maar hy waarsku enigiemand wat so iets oorweeg dat 'n mikrohuis heelwat van 'n mens verg nadat die bouwerk voltooi is. "Dit is 'n leefwyse, en ek kry dit reg omdat ek georganiseerd is, nie opgaar nie en met net die nodige klaarkom."

Sodra hy sy meestersgraad ontvang, beplan Christian om die mikrohuis te skuif, moontlik na die Greylings se familieplaas in eNtokozweni in Mpumalanga of dalk na sy eie lappie grond.

Met dié suksesvolle projek op sy kerfstok beplan Christian nog 'n paar vir die toekoms. "My droom is om 'n erf te besit en my blyplek in modules te bou en uit te brei namate my lewe en behoeftes verander... En natuurlik sal my eerste mikrohuis deel daarvan kan vorm." >>

Dit was vir Christian 'n persoonlike oorwinning om self sy toilet, stort en wasbak in te sit, aangesien hy nog nooit so iets aangepak het nie. Sy klerekasdeur dien ook as badkamerdeur vir privaatheid.



Stap vir stap...



Christian het elke laaste detail van sy mikrohuis met die hand gebou en geïnstalleer. Bedags was hy by sy werk, maar saans kon hy – onder 'n spreilig en dikwels tot middernag – aan sy blyplek bou. Naweke was 'n trollie-dol soektog na materiale.



Eers is gate uitgesny vir vensters en deure. Omdat die termiese waarde van staal swak is, het hy baie aandag geskenk aan behoorlike isolasie – 'n laag Isotherm tussen die wand en die dennehoutpaneel binne help met temperatuurregulering.



Christian het 'n gipsmuur tussen die badkamer en leefarea ingesit. Hy sê jy kan baie spaar deur materiaal by groothandelsverskaffers te koop.



Hierna kon hy sy kaste, bed, bank en lessenaar van dennehout en meranti bou. Laastens is die vloere van gelamineerde dennehoutplanke gelê en die teëlwerk in die badkamer en kombuis voltooi. Ná agt maande van swoeg en sweet kon Christian intrek.

Totaal: R121 150

Tweedehandse	
6m-vraghouer	24 000
Hout vir subraam	4 500
Isolasie	3 500
Houtbekleding (binne)	3 800
Nutec (buite)	2 000
Plafonpaneel (kombuis)	800
Aluminium-skuifdeur	3 500
Twee aluminiumvensters	3 000
Kaste	8 500
Kombuistoonbank	800
Ysterware	300
Wasbak	700
Gasstoof	600
Stortvloer	600
Stortdeur	800

Sanitêre ware	1 600
Dreinerings	1 000
Loodgieterswerk	8 500
Sonkrag-geiser	7 000
Stapelriool	4 000
Vloere	4 500
Elektriese werk	9 000
Beligting	1 000
Plaveisel	4 500
Gassilinder	600
Blindings (badkamer)	350
Staal en plate vir dak	10 000
Badkamerteëls	3 000
Grawe van vore, grondwerk	1 200
Kitsgras	4 500
Plante	3 000

[CHRISTIAN SE BOUWENKE VIR VRAGHOERS]

- Maak altyd seker wat jou plaaslike owerheid se boureëls ten opsigte van so 'n struktuur is.
- Sorg dat die houer waterpas staan voordat jy met enige werk begin.
- Beplan deeglik en benut elke sentimeter. Teken alles op plan, ook die sy- en vooraansig.
- Vraghouers seël baie dig. Sorg vir genoeg ventilasie om binne te leef.

- Isolasie is baie belangrik, want jy werk immers met 'n staalboks. Soleer die mure, asook die dak.
- Dink mooi voordat jy gate begin sny vir vensters en deure, want die houer se sterkte lê in sy wande. Sny jy te veel weg, kan die struktuur knak. Versterk alle openinge met 'n staalraamwerk en as jy enigsins twyfel, vra raad by 'n struktureingenieur. 🏠

VERSKAFFERS Container World 011 392 1284, containerworld.co.za Woolworths 0860 022 002, woolworths.co.za



tuis
REGRUK
MET FLAIR
**O, so
mooi**
Wenner!



Met sy nuwe priel het die fasade nou 'n vars voorkoms. En wanneer die agapante, varkore en 'n paar clivias in verhewe beddings blom, gee dit 'n spatsel kleur teen die wit mure.

Met 'n duidelike visie en 'n oog vir
potensiaal het dié jong paartjie 'n
kontemporêre blyplek ingerig – en
dít met 'n baba op die heup!

WIE WOON HIER?
Jenna en Eugene Theron
WAAR Stanford
GROOTTE 280m²

Wat 'n verskil!

Deur Beatrice Moore-Nöthnagel

Foto's Greg Cox

Stilering Marian van Wyk



Nadat die ou bruin matte uitgehaal is, is die vloere
afgevlak en met 'n laag a.b.e. Cote in die kleur Soft
Grey van a.b.e. Construction Chemicals afgerond vir 'n
byderwetse gevoel. Die donker dennehoutplafonne en
mure het 'n laag wit verf gekry.

Mat, kussings en mosterdgeel deken en vaas van
MRP Home

regruk met flair

Die donker kaste weerskante van die kaggel is wit geverf om die ruimte op te helder, terwyl die skoorsteenmantel en -bors swart geverf is vir treffende kontras. S6 smelt die TV ook weg teen die muur. Al die ligtoebehore in die huis is vervang.

Ligte van Overberg Lighting Centre



Verfkleur

Plascon Tribeca Corner

Voor

Die dennehoutplafon, ontblote bakstene en houtpanele (onder) het die sitkamer voorheen donker en beknopt laat voel.



Net voor die geboorte van hul seun, Emmett, het Eugene en Jenna Theron verlief geraak op 'n afgeleefde huis uit die 1970's op die historiese dorpie Stanford naby Hermanus. Gelukkig skrik hulle nie sommer vir 'n opknop-uitdaging nie. "Ons kon ons voorstel hoe ons kleinding die groot, toegegroeide tuin sou geniet!" sê Jenna van die 2400m²-erf. Hulle het die huis gekoop en begin opknop met 'n pasgebore baba op die arm – als in 'n rekordtyd van drie maande sodat hulle kon intrek en neskop. Gelukkig het familieleden naweke kom hand bysit om orde in die tuin te skep.

Strukturele veranderinge is tot 'n minimum beperk – hulle het net die motorhuis straat se kant toe verleng sodat hulle die ou personeelkwartier kon vergroot; dit verhuur hulle nou as 'n enkelwoning. Daarbenewens was die veranderings meestal oppervlakkig, buiten bouwerk hier en daar om beter vloei te bewerkstellig.

"Ons het probeer om die 1970's-karakter van die huis te behou, maar dit te vernuwe en verfris met meubels in die Skandi-styl," verduidelik Jenna. "Toe ons die matte optel, het ons koerant- en tydskrifartikels uit die sewentigerjare ontdek met aantekeninge deur die oorspronklike eienaar daarop (die matte is in 1975 gelê). Dit was so 'n lieflike verrassing, en ons wil nou ook so iets doen met toekomstige opknappings." >>



'n Ou dubbeldeur en venster is vervang met 'n groot stapeldeur vir beter vloei tussen binne en buite.

Stapeldeur van Bay Joinery

Voor

Die houtkaste in die oorspronklike kombuis was outyds en nie geskik vir 'n oopplan-leefstyl nie.

regruk met flair



Eugene het die ou General Electric-yskas vir net R800 by 'n tweedehandswinkel op Gansbaai gekoop! Noudat dit 'n vars spuitverflaag gekry het, is dit een van sy kosbaarste besittings.



Teëls van CTM



[DIE UITDAGINGS]

Jenna sê al hou sy hoe baie van die koperpype en -toebehore, was die installering nogal moeilik en tydrowend – en hulle mis moderne mengkrane! “Ek sou ook nie ’n gevefde vloer aanbeveel vir enigeen met kinders en troeteldiere nie, want dit wys maklik vullis – die sement voel ook gou koud, daarom het ons heelwat los matte nodig.”





Wit metroteëls in 'n visgraatpatroon op die spatpaneel skep 'n interessante effek, terwyl die ontblote koperpype en -krane inskakel by die 1970's-karakter. Jenna het die skildery by haar grootouers geërf.

Kaste en skrynwerk deur Your Style Cupboards; sanitêre ware van Plumblink





Dakkappe en -plate van Africon Rooftiles; geute van Overberg Gutters; hout van Coastline Timber Merchants; boumateriaal van Overberg Agri en Builders; deken en mosterdgeel kussing van MRP Home



[OOR DIE KUNS]

Jenna versamel kunswerke en snuffel graag rond vir winskope. Hier is haar topwenke:

- Moet nooit by 'n tweedehandswinkel verbystap nie – soms het jy net vyf minute nodig om 'n versteekte skat uit te graawe. Loer gereeld in sodat jy nie enige nuwe voorraad miskyk nie.
- Laat vriende en familie weet dat jy ou kuns versamel; dalk het hulle iets wat hulle vir jou sal gee.
- Gebruik soortgelyke rame vir eenvormigheid, of skep kontras deur byvoorbeeld swierige, vergulde rame te kombineer met smal houtrame. Albei lyk goed.



Met so te sê niks in ons begroting oor vir dekor nie, het *tweedehandswinkels en verf* my beste maats geword! – Jenna



Tweedehandse vondste staan pragtig uit teen die wit muur en neutrale vloer, in pas met die eklektiese Skandi-styl. "Ek is dankbaar dat my suster Sandy Jardine my passie vir opknep en stileer deel; ons ruil gereeld idees uit, wat so nuttig is wanneer jy 'n besluit moet maak," sê Jenna.



Sanitêre ware van Plumbink;
muurteëls van CTM; vloerteëls van BUCO



Emmett se kamer het 'n bietjie ruimte gewen deur die ou badkamer by die vertrek in te sluit.



Danksy metroteëls teen die mure en patroonteëls op die vloer het die badkamer (bo) 'n kontemporêre dog tydlose gevoel. Nes die res van die huis spog die gastekamer (onder) ook met 'n nuwe vloer en witgeverfde mure en plafon.

Totaal: R484 732

Verf & bykomstighede	49 050
Sanitêre ware	17 134
Kaste & skrynwerk	68 222
Boumateriaal	147 609
Beligting	7 488
Stapeldeur	17 000
Allerlei	21 754
Arbeid	151 775
Huur van gereedskap	1 600
Rommelverwydering	3 100

KONTAKTE EN VERSKAFFERS

a.b.e. Construction Chemicals 0860 223 773, abe.co.za Africon Rooftiles 021 845 7476, africonroof.com Bay Joinery 044 695 2233 BUCO 0861 174 273, bucoco.co.za Builders 0860 284 533, builders.co.za Coastline Timber Merchants 028 312 1233, coast-line.co.za CTM 010 003 9987, ctm.co.za MRP Home 0800 212 535, mrphome.com Overberg Agri 028 214 3800, overbergagri.co.za Overberg Gutters 076 263 3218, overberggutters.co.za Overberg Lighting Centre 028 312 3810, overberglighting.com Plumblink 087 285 8500, plumblink.co.za Stanford Glass and Aluminium 074 742 9388 Your Style Cupboards 082 327 6518

Verfkleur

Plascon
Distant Storm

Die sitkamer se ou dubbeldeur het nuttig te pas gekom in die hoofslaapkamer; die slaapkamer se ou venster is weer hergebruik by die nuwe opwaskamer wat die opgeknapte motorhuis met die kombuis verbind. 🏠

Venster van Stanford Glass and Aluminium; dekens en kussings van MRP Home

tuis
REGRUK
MET FLAIR
Selfgedoen
Wenner!

Die leer-lusse aan die gordynstok is gordels van Woodheads; Simoné het gate daarin gepons en dit gehang aan hake wat teen die plafon vasgebout is.

Gordynstok en deken van MRP Home; glasflesse en koperplanthouer van La Grange Interiors; mandjie van Weylandts

WIE WOON HIER?

Anwar Davids en Simoné
Visagie-Davids met hul kinders,
Noah (3) en Isah (8 maande)

WAAR Zeekoevlei, Kaapstad

GROOTTE 174 m²

Nou's dit ons s'n'

Dié dinamiese opknappers het self ingesprong en mure uitgebreek, vloere gegooi en pype aangelê – en toe hul nuwe huis eksie-perfeksie ingerig.

Deur Ina Baard • Foto's Karl Rogers • Stilering Marian van Wyk

Simoné Visagie-Davids het nog altyd geweet sy en haar man, Anwar Davids, sal eendag of hul eie plek bou of 'n volledige opknop aanpak om hul perfekte gesinshuis te skep. As binne-ontwerper wat in winkels spesialiseer, is kreatiewe uitdrukking vir haar tweede natuur.

Toe sy en Anwar – mede-eienaar van Demron Chemicals, 'n maatskappy wat chemikalieë vervaardig – dus die geleentheid kry om 'n afgeleefde huis in die sjarmante buurt Zeekoevlei buite Kaapstad onder hande te neem, het hulle dit aangegryp. Hier kon hulle 'n toevlug skep vir hul twee seuns, Noah en Isah. "Dis 'n stil buurt naby 'n voëlreservaat – ons het heeljaar die mooiste wilde troeteldiere!" sê Simoné.



Rou grys sementpleister is teen die mure gebruik en 'n wit afvlaklaag op die vloere; laasgenoemde is met a.b.e. Construction Chemicals se waterbasis-epoksiverf verseël. Die muurhorlosie is swart geverf – die paartjie wil belangrike tye soos slaaptyd daarop aandui sodat Noah die tyd kan leer lees.

Hanglampe van Weylandts

"Ons het 'n rooster met kunsplante wat in 'n winkeluitstalling gebruik is en op pad ashoop toe was, gekoop en 'n groen muur in ons huis daarmee geskep. Dit gee soveel kleur en karakter," sê Simoné. Hulle het ook 'n draadrooster uit 'n kantoorruimte gered en vir 'n fotomuur ingespan.

Ontwerp en uitleg

Luister jy so na hul verhaal, en hoe die huis hulle s'n geword het, voel dit asof alles vooraf so bestem was. "My swaer woon aan die oorkant van die pad," verduidelik Simoné. "Wanneer ons kom kuier het, het ons gehou van die gemeenskapsgevoel in die buurt en van die gelag en vrolike atmosfeer wat ons kon aanvoel uit die huis wat nou ons s'n is. Ons het baie geheg daaraan geraak, maar toe was dit net 'n droom."

Die huis het nuwe eienaars gekry en begin verval nadat huurders tydelik daar ingetrek het. Simoné en Anwar het besluit om 'n kans te waag met 'n aanbod, al was die eiendom nie in die mark nie. Die eienaar het hulle toestemming gegee om te gaan kyk, en toe hulle die huis

van binne sien, het hulle geweet dat, ondanks 'n klomp klein vertrekke, hulle dit in iets besonders sou kon omskep. En, soos hulle sê, die res is geskiedenis.

Die paartjie hou van die rou teksture van hout en beton, en wou 'n rustige monotone palet binne skep. Dit, tesame met hul liefde vir oop ruimtes, het die toon aangegee vir die ontwerp en uitleg van hul nuwe huis.

Met 'n uitbundige driejarige seuntjie in die huis word losgoed tot 'n minimum beperk en die oopplan-ruimtes bevorder vrye beweging. "Noah hou daarvan om rond te hardloop en die huis as resiesbaan te gebruik terwyl ons op die bank ontspan met 'n flik of koppie koffie," sê Simoné.

Dié hoekie in die sitkamer is Simoné se studeerkamer. Hier word 'n vintage-tikmasjien van 'n oorlede gesinsvriend trots op die lessenaar uitgestal. Simoné tik soms briewe aan haar kinders, wat sy op hul 21ste verjaardag vir hulle wil gee.

Studio W-kussing van Woolworths



[V&A MET SIMONÉ]

Wat is jou ontwerp-filosofie?

'n Monochroom palet is tydloos en minimalisties met skoon, sterk lyne, wat dit maklik maak om dekor af te wissel. Ek is mal oor oop ruimtes met 'n gemaklike vloei, asook 'n sagte, gelaagde voorkoms en warm teksture. **Julle woon graag veilings by. Het jy enige raad?** Gaan altyd na 'n veiling met 'n begroting en hou daarby. Loer voor die tyd na die webtuiste en identifiseer watter stukke jy wil hê – en moenie dat ander items jou aandag aftrek nie. Moet ook nie emosioneel raak tydens die biederproses nie; ek en my man werk saam as 'n span. Staan sterk met jou begroting; die doel van 'n veiling is om 'n winskoop te kry, nie om al jou geld te blaas nie.

Dis in die detail

Met dié rak gaan alles oor proporsie en skoon lyne. Dis gelyk met die bokant van die venster, wat die oog na die blad daaronder en die mooi dekoritems daarop lei.

Werkblaai van
Yammie and
Sons

Vriende en familie *bring graag tyd hier deur*
en ons geniet dit om hulle hier te hê! – *Simoné*

Simoné het haar pa, André Visagie, gevra om die kombuisaste van C-graad-kiaat te bou. Die natuurlike grein van dié hout skakel pragtig in by die huis se kleurpalet. Die blaai is van duursame I Stone, wat soortgelyk aan Caesarstone is. "Hier speel ons met klei, kook, bak en maak sjokoladehappies," sê Simoné.

Dit wil gedoen wees!

Die hart van dié warm, gesellige huis is die kombuis, Simoné se gunstelingvertrek. Die paartjie se duurste aankope – gehalte-toebehore en kaste met kiaatdeure en klipblaai – rond die ruimte af. “Gelukkig is my pa ’n hoogs ervare skrynwerker,” sê Simoné. Hy doen die wonderlikste werk; ek kon niemand beter gevra het om hierdie meesterstuk vir ons te bou nie.”

Al is die huis nog nie klaar nie, is die meeste van die opknepwerk afgehandel. Maar dit het sy uitdagings gehad; Simoné en Anwar moes die projek met hul veeleisende beroepe balanseer.

“Ons het die projek ná ure en oor naweke bestuur,” sê Simoné. “Ek het vir die bouers aanwysings met bordkryt teen die mure geskryf. Wanneer hulle klaar was, het hulle ’n streep daardeur getrek en dan het ek dit uitgevee voor ek die volgende aanwysings skryf. Dié manier van kommunikeer het goed gewerk.”

Maar moenie dink dié innoverende paartjie het net werk uitgedeel nie! “Ons het ook ingespring en heelwat van die werk self gedoen om ons begroting te rek,” sê Anwar. Hulle het onder meer mure uitgeknap en vloere gegooi – en met die hulp van Simoné se oom Isgak Kamaldien, ’n gekwalifiseerde loodgieter, het hulle selfs vir hul eie loodgieterswerk kans gesien! “Op die ou end het dit ons huis net soveel meer spesiaal gemaak.”

Simoné sê die projek waarop hulle die trotsste is, is die slaapkamervloere. Die houtblokkies kom uit ’n ander deel van die huis en hulle het nog op Gumtree gekoop. Anwar het die blokkies opgeknap en Simoné het dit gelê – al was sy toe vyf maande swanger! Die warm gevoel van die houtvloer dra in ’n groot mate by tot die knus atmosfeer in albei kamers.

Simoné het die volgende raad: “Wanneer jy ’n hele huis opknep, installeer jou veiligheidstelsel eerste om enige voltooide werk te beskerm; dié is altyd op die uitkyk vir loodgieterspype, elektriese kables of swembadpompe.”

Oor een ding stem Simoné en Anwar saam: “Die beste deel van ons huis is dat dit nou óns s’n is – ons het baie liefde en swoeg en sweet hierin gestort om dit spesiaal te maak. Nie al die opknepwerk is klaar nie, maar ons het dit gemaklik en knus gemaak. Dis waar ons gelukkig is.” >>

Aan die werk...



Dit het ses sterk manne gekos om ’n stutbalk van beton in te sit sodat hulle ’n opening van 6 m in wat nou die oopplan-kombuis-en-leefarea is, kon bewerkstellig.



Anwar het ’n hamerboor gebruik om dié muur uit te kap; dit het die ruimte tussen die sitkamer en die slaapkamer oopgemaak en ’n sit-studeerkamer geskep.

...en jy kan die struktuur van jou huis verseker, die toebehore, bybehore en...



sms “tuis” na 31495 of skakel 08 600 60 000 vir ’n kwotasie



Waar jy altyd iets uitkry.



Simoné het 'n muurskildery met 'n diertema gevef om Noah die alfabet te help leer, met name soos Lana Llama en Hilary Hedgehog.

Komers van Weylandts

[BESTE KOPIES EN TOPWENKE]

Simoné en Anwar deel hul raad:

- Hofmeyr-Mills Auctioneers in Wynberg het 'n goeie keuse van antieke en tweedehandse meubels wat Simoné spotgoedkoop kry; sy druk dan haar eie stempel af sodat dit by hul monochroom palet inskakel. So het hulle 'n buffet vir R600 gekoop en dit mooigemaak met verf.
- Nog 'n wenner is die Facebook-groep Moving On, wat Simoné beskryf as 'n "skattejag vir grootmense". Hul TV-kas was byvoorbeeld 'n skoenrak wat hulle vir R20 gekoop het.
- Parisienne Interiors is Simoné se voorkeurverskaffer van sagte meublement en houtwerk, en het die koffietafel spesiaal vir die paartjie gemaak; die winkel lewer ook af.
- Die badkamertoebere kom van Natural Stone Warehouse, wat elke jaar (Oktober/November) 'n groot uitverkoop hou.
- Die kombuistoestelle is by Tafelberg Furnishers gekoop. Anwar en Simoné het 'n goeie afslag beding en die winkel was bereid om dit te hou tot hulle gereed was om dit te installeer.
- Raak elke ses maande ontslae van wat jy nie nodig het nie!
- Die eenvoudigste ding kan 'n gevoel van weelde skep – soos vars tuinblomme in 'n ou bottel. Dis 'n eenvoudige, persoonlike element met besondere sjarme.





Die mure in Noah se kamer is tot heuphoogte met swartbordverf geverf sodat hy na hartelus daarop kan teken.




Ou dromme van Anwar se werk bied nou pakplek vir speelgoed. Simoné se pa het Noah se essenhout-bedraam gemaak; dis afgewit om in te skakel by die monotoon palet. Die eindresultaat is 'n kindervriendelike, speelse kamer in 'n andersins taamlik "volwasse" huis.



Drie ou sluitkaste wat hulle op uitverkoop by 'n plaaslike skool gekry het, is gespuitverf om by die ander meubels te pas; dis nou Noah se klerekas. >>



regruk met flair



Die kas, 'n familie-erfstuk, is swart gebeits vir 'n vars voorkoms. "Dit was so 'n vreemde rooi, wat nie by ons dekor sou pas nie," sê Simoné.



Houtblokkies uit die kombuis is hergebruik op die hoofslaapkamer se vloer. Vir visuele trefkrag sluit dit skuins aan by die afgevlakte vloer.

Vilt-strooikussing van Weylandts; roesrooi deken van Woolworths; vaas van La Grange Interiors

Totaal: R150 000

Strukturele werk (mure uitbreek, vloere opkap en afvlak, vensters vervang, swembad herstel, badkamertoebehore, ens.) 80 000

Kombuis (klipblaaie, kaaatdeure) 30 000

Allerlei (wasbakkas, handdoek-reling, lugreëlaar, ens.) 40 000

VERSKAFFERS EN KONTAKTE a.b.e. Construction Chemicals 0860 223 773, abe.co.za Gumtree gumtree.co.za Hofmeyr-Mills Auctioneers 021 761 1803 La Grange Interiors 021 447 3508, lagrangeinteriors.co.za MRP Home 0800 212 535, mrphome.com Natural Stone Warehouse 021 556 0202 Parisienne Interiors 021 692 2575 Tafelberg Furnishers 021 944 3330, tafelberg.co.za Weylandts 0860 103 400, weylandts.co.za Woodheads 021 461 7185, woodheads.co.za Woolworths 0860 022 002, woolworths.co.za Yammie and Sons 083 357 9359



Die stylvolle gastebadkamer (bo) eggo die palet in die res van die huis.

In die hoofslaapkamer se en suite is die mure met waterbestande dakverf afgewerk. Nie net skep dit 'n kontemporêre voorkoms nie, dis ook 'n geldslim alternatief vir teëls. Simoné het aangeklop by kennisse wat sy deur haar werk ontmoet het vir unieke, moderne toebehore en ligte.



Met die hulp van Simoné se oom het Anwar die loodgieterswerk self aangepak (links); dit het hulle baie geld gespaar! 🏠

Goiingmat van MRP Home; handdoek van Weylandts



...en verseker die inhoud van jou huis teen diefstal en skade en...



sms "tuis" na 31495 of skakel 08 600 60 000 vir 'n kwotasie



Waar jy altyd iets uitkry.

OUTsurance is 'n gelysensiëerde versekeraar en FDV. Gebou- en huisinhoudversekering word afsonderlik verkoop. B's en V's geld. Oproepe: standaardtariewe geld. SMS: 50c. OP20/0639/A-2

tuis **REGRUK** MET FLAIR

Paint master
Perfect Paint Crafted, Mixed, Delivered

Opknappers, staan nader!

SKRYF IN & WEN

Of jy 'n gesoute opknapper of 'n groentjie is wat nog nooit self 'n troffel vasgehou het nie, nou is jou kans om in te skryf vir ons gewilde *Regruk met Flair*-kompetisie in vennootskap met Paint Master!

Dié jaarlikse kompetisie is 'n hoogtepunt op die *Tuis*-kalender, want dit gee lesers die kans om behoorlik te spog met hul handwerk.

Verlede jaar het die kompetisie 'n nuwe kinkel gekry toe ons drie kategorieë aangekondig het. Jy het seker die indrukwekkende wen-inskrywings vroeër in dié uitgawe gesien, maar kyk weer.

Dink jy jy kan hulle dit nadoen, of selfs daarop verbeter? Want vanjaar maak ons weer so, en ons wag vir jou inskrywing. Wie weet, dalk is jy een van ons opknappers van die jaar!

Is jy 'n kranige opknapper? Dan is dié kompetisie vir jou!

DIE KATEGORIEË*

1

SELF GEDOEN

Dié kategorie is vir enigeen wat minstens 50% van die werk self aangepak het. As jy nie skrik vir mure uitbreek, teëls lê of 'n sementvloer gooi nie, is dié kategorie vir jou. Onthou, jy moet 'n uiteensetting van jou uitgawes voorlê en kan wys wat jy met jou eie hande verrig het. Dis waar jy kan spog met jou harde werk en durf!

2

UIT DIE BOKS

Beskou jy jouself as 'n vernuwendende denker met die slag om iets ongewoons te skep? Dalk is dit 'n eko-huis, 'n toerbus of 'n buitekombuis... Skryf dan vir dié kategorie in. En nee, dit maak nie saak of jy self die werk gedoen het of net die projek beplan en bestuur het nie.

3

O, SO MOOI

Het jy tien duime of 'n vrees vir kraggereedskap – maar jy het wel 'n lieflike opknep bestuur? Oorweeg dan dié opsie. Selfs as 'n kontrakteur 100% van die werk gedoen het, staan jy 'n kans om dié kategorie te wen, solank jy vir die beplanning, projekbestuur en finansies verantwoordelik was.



SKRYF SÓ IN

- Besoek fixit.tuis.co.za en volg die aanwysings.
- Neem foto's van jou projek, sover moontlik in natuurlike lig.

SLUITINGSDATUM Dinsdag
30 Junie 2020 om 12:00

Sukkel jy om in te skryf?
Stuur e-pos na
Amy.Johnson@media24.com
of skakel 021 406 3825.

NUUT IN 2020!

Met Paint Master – die skeppers van die gewilde Tjhoko Paint-krytverfreks – aan boord, kry die eerste 150 inskrywings wat ons in vanjaar se kompetisie ontvang 'n gratis verf- en kleurkonsultasie met die komplimente van Paint Master! Of dit nou 'n fokusmuur of jou huis se dak is, die kenners by Paint Master het raad. Kry inspirasie by paint-master.co.za.

DIE PRYSE

Daar is R100 000 kontant op die spel:

Die **wenner** in elke kategorie kry **R25 000**.

Die **naaswenner** in elke kategorie kry **R5 000**.

Die **top-9 deelnemers** kry elkeen **R1 000**.

Een gunsteling, gekies op grond van leserstemme, kry **R1 000**.

Bepalings en voorwaardes geld – sien fixit.tuis.co.za.

Sagter

OP DIE OOG

PROJEKGIDS

Harde werk 5/10

Vaardigheidsvlak 7/10

Tyd nodig Hang af van grootte van oppervlak; hou droogwordtyd voor en ná aanwending in gedagte.

Koste van materiaal

Soutsuur R50 vir 5 liter, wit sement R70 vir 5 kg, seëlaar R250 vir 1 liter

PROJEKNOTAS

- Kies 'n muur waar daar nie diep groewe tussen die stene is nie. Indien wel (byvoorbeeld 'n siersteenmuur), moet jy dit eers met pleister opvul.
- Dra altyd 'n veiligheidsbril en masker wanneer jy met sure en fyn stof werk.

Afgewitte bakstene is nou hoogmode en maak die mooiste fokusmure uit. Ons kyk hoe jy dit self kan doen met wit sement.

Deur Johletta Brits • Foto's Francois Oberholster
Stilering Marian van Wyk

Wat jy nodig het

INKOPIELYS

- wit sement
- soutsuur ("spirit of salts")
- seëlaar

GEREEDSKAP

- plastiek-drupvelle
- harde skroborsel
- stewige sponse
- twee 10-liter-plastiekemmers
- boutroffel
- 75 mm-withaarkwas ("Blondie")
- rubberhandskoene word aanbeveel



Vooraf

Bedek die vloer voor die muur wat jy wil afwit met plastiekvelle om die vloer skoon te hou en skade te vermy.

Só maak jy...



1 Inspekteer die muur: Vryf met jou hand oor die muur en voel of daar enige los sementpartikels is. Indien wel, skrob die muur taamlik hard om dit te verwyder. Kap growwe klonte sement versigtig af met 'n boutroffel.



2 Meng 1 deel soutsuur met 10 dele water in 'n skoon emmer. Doop 'n spons daarin en was die muur liggies af. Dis 'n goeie voorbereiding wat die muur heeltemal skoon kry vir die beste resultate. Wag so 'n uur of twee dat die muur kan droog word.




3 Spoel die emmer goed uit met water en gooi sowat 2,5 kg wit sement in die emmer. Voeg dan water stelselmatig by en meng deurentyd met die boutroffel. Dit sal aanvanklik moeilik meng, maar elke bietjie water wat jy byvoeg, sal lei tot net die regte dikte – nie loperig nie, maar ook nie te styf nie.



4 Wend die sementmengsel met behulp van 'n spons oor die bakstene aan. Beweeg jou hand heen en weer van links na regs oor die oppervlak. Aangesien die wit sement taamlik gou droog word, is dit raadsaam om nie meer as 1 m² op 'n slag af te wit nie.



5 Tap 'n emmer skoon water en gebruik dan die spons om oortollige wit sement te verwyder (jy was dit as't ware liggies af). Hoeveel jy verwyder, hang af van hoeveel van die baksteenkleur jy wil ontbloom.



6 Wanneer jy die hele muur afgewit het, moet dit omtrent twee dae kans kry om goed droog te word. Die volgende stap is nie 'n vereiste nie, maar wel nodig as dit 'n braai- of kombuismuur is wat maklik vlekke en merke kan opdoen: Seël die muur met 'n middel soos TFC Invisible Sealer, wat beskerming bied sonder om die muur se kleur te affekteer. Wend dit met 'n verfkwas aan; die muur sal redelik vinnig (binne 2 tot 3 uur) droog word ná aanwending. 🏠

VERSKAFFERS

Al die materiaal en gereedskap is geredelik beskikbaar by ysterwarewinkels landwyd.

Nuut van Tjhoko Paint!

DIE MOOISTE PLAKPAPIER

Nes jy dink dit kan nie makliker en mooier nie, bring gewilde Tjhoko Paint vir jou die mooiste doen-dit-self-plakpapier!

Die vervaardigers van Tjhoko Paint-krytverf het 'n nuuttjie in hul arsenaal: 'n reeks plakpapier wat selfs die groenste groentjie self kan hang.

Met dié reeks, van April af beskikbaar by Tjhoko Paint-handelaars landwyd, asook aanlyn by tjhokopaint.co.za en in *Tuis* se aanlynwinkel, tuishomeshop.co.za, kan jy enige saai ruimte 'n gedaantewisseling gee. Al wat jy moet doen, is knip en plak – soos die Tjhoko-kenner Nadine hier wys:

Wat jy nodig het

- Tjhoko-plakpapier (elke rol is 11,8 m lank en 62 cm breed)
- winkelhaak
- potlood
- waterpas
- matmes
- lakverdunner
- vleisdoek
- 50 mm-verfkwas
- 110 mm-sponsroller



Die plantpot wat as lampskerm ingespan is, is met Thinus's Terracotta geverf.

Die llaaseerkabinet is met lakverdunner skoongemaak, en ná droogtyd van 40 minute geverf en gestensil met Matt Black en Da'vid. Gebruik 'n baie droë sponsroller sodat die verf nie onder die stensil inloop nie.

July is op die kunsleer-sitplekke asook die sementpot op die llaaseerkabinet gebruik.

Só maak jy...



1 Tjhoko-muurpapier is selfklewend. Trek eenvoudig 'n smal strook van die ruglaag af, vou om en druk plat. **2** Druk nou die taai deel plat teen die muur gelyk met jou beginstreep (sien wenke), en druk vas. Trek die ruglaag stadig weg – in hanteerbare lengtes – en druk die papier egalig teen die muur vas. **3** Ons het plakpapier met nulletjies en kruisies gebruik. Wanneer jy met 'n nuwe rol van hierdie ontwerp begin, sorg dat die motiewe reg op mekaar volg en daar nie twee nulletjies of twee kruisies langs mekaar val nie.

WENKE

- Jou muuroppervlak moet glad wees.
- Begin altyd met 'n waterpas horisontale lyn, want selfs plafonne is nie altyd reguit nie.
- Plak nuwe panele reg teen die vorige strook om skeidslyne te vermy. Verbloem flaters deur jou muur met 'n mat PVA-verf in dieselfde kleur as die plakpapier se agtergrond te verf (laat dan twee weke droogtyd vir die verf toe).
- As jy wegspring en besef die papier is skeef, kan jy dit versigtig lostrek en herposisioneer.

Foto's ER Lombard



Kyk die video
op tuis.co.za.



KENMERKENDE SEMENT- AFWERKINGS

Besoek een van ons vertoonlokale

Johannesburg
Jan Smutslaan 227, Parktown-Noord
011 447 3149

Centurion
Coachmen's Park 15, Jakarandastraat 26, Hennospark
012 653 6808

Kaapstad
Eagle Park, Computerweg, Montague Gardens
021 555 1034



Vervaardigers van Kenmerkende Sementafwerkings
www.cemcrete.co.za | 0860 CEMCRETE | enquiry@cemcrete.co.za

CEMCRETE®

Vra die kenners



Saamgestel deur
Shané Barnard



VRA OP FACEBOOK

Het jy 'n dringende vraag wat net nie kan wag nie? Sluit dan aan by ons Tuis!Home-Kennersgroep op Facebook sodat die span, kundiges en ander lesers kan help.

Soek jy oplossings om jou huis koel te hou of wil jy jou staalraamvensters vernuwe? Vra net – ons kry die antwoorde.

Staal jouself

Dieter Geiger van Kaapstad skryf
Ons is besig om ons 60 jaar oue huis op te knap en wil graag die staalraamvensters behou. Dis gevef en nog in 'n goeie toestand, al is daar 'n bietjie oppervlakkige roes. Is dit die moeite werd om die verf te verwyder, roesplekke te behandel en dit dan te laat poeierbedek? Of moet ons maar die vensters vervang?



→ Wynand Smit van JambMax

antwoord Daar is twee benaderings: Die eerste is om die vensters in die muur te los en dit in situ te herstel. Jy sal

al die ou verf eers moet verwyder; behandel dan die rame met 'n roesweerder soos Duram se NS1 Rust Buster. Wag totdat dit heeltemal droog

is en wend 'n goeie onderlaag aan, gevolg deur glansverf in die kleur van jou keuse.

Andersins kan jy die vensters heeltemal uit die muur haal en dit laat skoonmaak en galvaniseer voordat jy dit laat poeierbedek. 'n Poeierdeklaag is geneig om ná 'n ruk te begin verdof; daarom verkies ons om staalraamvensters te verf.

KONTAK jambmax.co.za



Koel en kalm

Rina Francis van Edenvale, Gauteng, skryf Die soldervtrek in ons huis raak bitter warm. Ons het glaswol-isolering tussen die dakteëls en plafon – wat met hout beklee is – ingesit. Daar is vensters aan weerskante van die solder en die dak is grys geverf. Wat kan ons nog doen om die ruimte doeltreffend te verkoel?

→ **Mark Russell, hoof van tegniese ondersteuning en bemaking by IsoBoard, antwoord** Daar is 'n paar belangrike oorwegings waarna jy moet kyk:

1 HITTE-OORDRAG Die solder is hoër as die bome wat natuurlike skadu sou kon verskaf, met 'n groot, donker dak-oppervlak wat hitte absorbeer. Hitte kom die ruimte ook binne deur die vensters en deure aan die ooste- en westekant. Ons stel voor jy bring terugtrekbare sonskerms buite, en gordyne of blindings binne voor die deure en vensters aan vir koelte. Ek sou ook weerkaatsende sonfilm op die glas oorweeg omdat die glas in kothuisvensters gewoonlik net 3 mm dik is en daarom nie veel weerstand teen hitte-oordrag kan bied nie.



2 VENTILASIE Die doel van plafonwaaiers is om lug binne die soldervtrek te sirkuleer. In dié geval kan die warm lug nie ontsnap nie, omdat die vensters aan weerskante te ver van mekaar is vir behoorlike kruisvloei-ventilasie. Dit is ook waarskynlik dat die binnetrap na die solder warm lug van onder af boontoe lei, waar dit dan in die soldervtrek onder die geïsoleerde plafon vasgevang word.

Die warm lug moet kan ontsnap. Omdat die plafon plat is by die hoogste punt, is daar 'n holte tussen die plafon en die dak se nok. In dié ongeïsoleerde ruimte kan die lug gedurende die dag tot 60 °C (selfs hoër) styg, en dié hitte word na die solderruimte uitgestraal. Ek sou jou aanraai om 'n dakspecialis te spreek om te bepaal watter soort dak-ventilasiestelsel die beste sal werk vir dié deel bo die plafon.

As die solder steeds onaangenaam warm is nadat jy skadu by die vensters geskep het en die plafon en die holte daarbo geventileer het, stel ons voor jy installeer IsoBoard teen die bestaande plafon. Omdat daar reeds isolasie is, behoort 30 mm dik IsoBoard die nodige verskil te maak, maar 40 mm sou beter wees. >>

KONTAK isoboard.com



Kortliks



V: Wie het die kasdeure met die yskas-voorkoms in die kombuis op bladsy 43 van die November 2019-uitgawe gemaak?
– *Ian McKean via Facebook*

A: Die huiseienaars het die deure laat pasmaak deur Stefan Diener van Diener Cupboards (082 940 2889, diener@twk.co.za).



V: Ek is mal oor die keramiek-vis bo die wasbak op bladsy 23 van Februarie 2020 se uitgawe; waar kan ek dit kry? – *Erna Strydom, Nelspruit*

A: Die vis is van Ceramic Matters (ceramicmatters.blogspot.com); jy kan ook by MRP Home (mrphome.com) kyk.



V: Wat is die naam van die lieflike groen verf by die voordeur op bladsy 52 van die Maart 2019-uitgawe? – *Nuchae Botha, Vanderbijlpark*

A: Kyk gerus na Growing Grass of Restful Retreat van Dulux (dulux.com). Albei is soortgelyk aan dié sagte groen skakering.



V: Ek wil my kombuis opknap en ek is dol oor die voorkoms van bottelgroen metroteëls; waar kan ek dit kry?

– *Sone Griesel, Port Alfred*

A: Len en Faith du Plessis, naasweners in 2017 se *Regruk met Flair*-kompetisie, het dié groen teëls agter die wasbak by Tile House (tilehouse.co.za) op Knysna gekry. Italtile (italtile.co.za) en Pudlo (pudlo.co.za) het reghoekige teëls in verskillende skakerings van groen, insluitend basilie, donker-kakie en akwamaryn. Bella Bathrooms (bellabathrooms.co.za) hou afgeskuinste bottelgroen metroteëls aan en jy kan dit aanlyn bestel. >>

NAWEEKPROJEK

Kraak in jou muur? Herstel dit in 'n kits met Alcolin Interior Crackfiller vir 'n gladde afwerking.

1 Berei die kraak voor Gebruik die bikhamer en beitel om die kraak in 'n V-vorm oop te kap.

2 Sorg dat daar geen los stukkie oorbly nie deur enige pleister en verf rondom die kraak af te skraap. Verwyder enige oorblywende stof met 'n verfkwas.

3 Meng 3 dele Alcolin Interior Crackfiller met 1 deel skoon, koue water en meng tot 'n gladde, klontvrye pasta. Moenie meer pasta aanmaak as wat jy binne 30 minute kan gebruik nie. Smeer die pasta in die kraak met die troffel en vul die kraak tot gelyk met die muur rondom. Gee die kraakvuller drie uur kans om droog te word.

Wenk Vervang die water in die mengsel met verdunde Alcolin Permabond (meng 1 deel met 3 dele water) vir beter kleving, buigvastheid en waterbestandheid in veral moeilike omstandighede, asook vir breë voeë.

Ter afronding Wag tot die kraakvuller droog is en skuur glad met die skuurpapier. Verf oor die gevulde kraak en *voila!*

1 Voor



2



3



Wat jy nodig het

INKOPIELYS

- Alcolin Interior Crackfiller

GEREEDSKAP

- bikhamer
- beitel
- verfkwas
- troffel
- skuurpapier

Het jy geweet?

- Alcolin Interior Crackfiller raak binne drie uur droog en kan ook as 'n afvlakmiddel gebruik word om ongelyk muuropervlakke glad af te werk.


- Alcolin Exterior Crackfiller is ideaal om krake in buitemure weerbestand te maak.



Besoek www.alcolin.com vir produkinligting of skakel die Sticky Questions-hulplyn tolvry by 0800 222 400 vir raad.



V: Waar kan ek 'n wasbak soos die een op bladsy 34 van die Februarie 2018-uitgawe koop? – **Talitha Taljaard, Witbank**
A: Victorian Side Bathrooms (victoriansidebathrooms.co.za) het 'n groot verskeidenheid laboratorium-wasbakke.



V: Watter kleur is die buitemuur van die Ficks se huis op bladsy 48 van Desember 2017 se uitgawe?
– **Elsa Reed, Windhoek**
A: Die kleur is Fired Earth Subtle Stone van Builders (builders.co.za).

Ougood of hougood?

Blou bekoring

Johan Scholtemeijer van Bethal skryf Ek het dié "Blue Cups"-skildery deur Bettie Cilliers-Barnard geërf. Kan julle my sê of dit enigiets werd is?



→ **Kayleen Wrigley van Walker Scott Art Advisory antwoord** Dié skildery deur Bettie Cilliers-Barnard is tipies van 'n spesifieke tydperk binne die kunstenaar se groter

oeuvre. Die werk val in Cilliers-Barnard se beskrywende tydperk waarin sy met groot klem op formele elemente soos lyn, vorm, toonwaarde en tekstuur geskilder het.

Kort ná dié tydperk het die kunstenaar beskrywende en figuratiewe skilderkuns laat vaar, wat beteken dié skildery is bes moontlik een van haar heel laaste stillewes.

Sy het daarna op meer abstrakte skilderwerk gefokus, met sirkels 'n gewilde tema. Later sou koppe en voëls weer 'n

verskyning maak toe sy opnuut hulde gebring het aan haar formalistiese wortels.

Nadat sy 'n Baccalaureus-grad in kuns aan die Universiteit van Pretoria verwerf het, het Cilliers-Barnard verder studeer aan die Hoger Instituut voor Schone Kunsten in Antwerpen voordat sy na Parys verhuis het, waar sy onder Stanley Hayter en Jean-Paul Pons gestudeer het.

Van haar belangrikste bydraes tot openbare kuns in Suid-Afrika sluit in groot tapisserieë wat sy vir die geboue van die destydse Transvaalse Administrasie ontwerp het. Cilliers-Barnard was onlosmaaklik deel van die kultuurlewe in Pretoria en was 'n uitvoerende lid van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging. Sy het in haar lewe aan die biënnales in Venesië en São Paulo deelgeneem, en haar werk is in openbare museums reg oor Suid-Afrika te sien.

Dié stillewe toon tekens van opgehoopte oppervlakkigheis en dit sou raadsaam wees om die skildery deur 'n betroubare bewaarder te laat skoonmaak.



OUDERDOM 1949
WAARDE R15000–R22000 op 'n veiling, indien nie meer nie
KONTAK walkerscott.co.za 📞

KOOP EN VERKOOP OP Gumtree DIS VEILIG!

Jy het nou al ons ontrommel-kompetisie gesien en jou oorvol kaste begin uitpak. Maar hoe gemaak met items van waarde? Verkoop dit aanlyn – en steek die geld in jou sak!

Privaatheid is belangrik

Kuberveiligheid is 'n prioriteit vir almal in die digitale era. Om transaksies veiliger te maak is 'n sleutelfokus vir Gumtree, sê Estelle Nagel, hul handelsmerkbemarkingsbestuurder.

As jy ongewenste artikels wil verkoop, besoek die Gumtree-webwerf of laai die app af. Maak 'n rekening oop en besluit of jou selfoonnommer aan kopers vertoon word of nie. Jou e-posadres sal verborge bly.

Gebruik altyd die Gumtree-app of teken in met jou wagwoord op die webwerf om kontak te maak met kopers. As hulle jou persoonlike e-pos vra of per WhatsApp wil kommunikeer, kan dit 'n gevaarteken wees.

Koop en verkoop versigtig



Aanlynhandel is baie veiliger as wat jy sou dink. Maar volg dié riglyne van Gumtree om seker te maak jy koop en verkoop sonder moeilikheid:

- Kom meer te wete oor die koper of verkoper met wie jy onderhandel – kyk na hul profiel om te sien hoe lank hulle al op die webwerf aktief is.
- Moenie onnodige persoonlike inligting, veral kredietkaartbesonderhede of 'n ID-nummer, aan vreemdelinge gee nie. Dit geld ook enige inligting oor jou wat nie van toepassing is op die transaksie nie, soos jou werkplek of huisadres, tensy 'n koper iets by jou huis wil afhaal en jy veilig voel met dié opsie.
- Gumtree moedig mense aan om van aangesig tot aangesig handel te dryf. Ontmoet kopers en verwissel geld in 'n veilige openbare ruimte, hetsy 'n besige winkelsentrum, die voorportaal van jou kantoorgebou of selfs die naaste polisieostasie. Indien dit nie moontlik is nie, neem altyd 'n vriend saam wanneer jy 'n aanlynkontak ontmoet.
- Wanneer jy betalings maak en ontvang, kraai goeie ou Suid-Afrikaanse rande koning! Moenie enige vorm van anonieme betaling soos Bitcoin aanvaar nie.

Bekommerd dat jy dalk in 'n strik kan trap? Kyk by help.gumtree.co.za vir gewilde slenters.

[HET JY GEWEET?]

- Gumtree het 'n veiligheidspan wat dag en nag advertensies nagaan om seker te maak daar is niks verdags op die webwerf of in die app nie.
- Hulle werk ook nou saam met die Suid-Afrikaanse Polisie diens om IP-adresse en selfoonnommers op te spoor in die onwaarskynlike geval dat iets skeefloop.
- Geoutomatiseerde sagteware skandeer alle advertensies om skelmstreke betyds te stuit.



Foto's Suné Esterhuizen • rawpixel



Bespreek jou plek by Tuis se 1ste

DEKORSKOOL

Hier is die kans waarop jy nog altyd gewag het: 'n leersame dekorkursus, aangebied in vennootskap met MRP Home.

Is jy 'n kreatiewe dekoratiefhebber wat elke hoekie in jou huis "tydskrif-gereed" wil kry? Of wou jy nog altyd leer wat 'n Tuis-fotosessie behels, hoe jy daarvoor beplan en voorberei, wat jy alles in jou stieleertassie moet hê as jy eendag huise wil mooimaak as 'n loopbaan, en hoe jy 'n mooi blad in die tydskrif opmaak?

Dan is ons heel eerste dekorskool net vir jou. Want hier, in die kreatiewe maalkolk van die Tuis-kantoor, karaktervolle leserhuise en MRP Home se vlagskipwinkel in Canal Walk, Kaapstad, sal jy by kenners kan leer wat dit verg om 'n voorste huisstilis te wees. In die bestek van drie dae wil ons die wenke en kortpaaie wat die Tuis-span oor jare opgebou het – van inspirasieborde en kleurkeuses, kulkunsies as dinge nie uitwerk nie, slim tegnieke tot 'n skeut selfdoenvernuf – met jou deel.

Ons maak as't ware die deure van ons eie huis vir jou oop. Kom voel die adrenalien van hoe die Tuis-redaksie elke maand die tydskrif aanmeekaarsit...

tuis | home
Dekorskool
IN VENNOOTSAP MET
mrphome



BESONDERHEDE

Datum 9–11 Junie 2020 • **Plek** Media24-Sentrum, Kaapstad • **Koste** R4500

Die prys sluit reis- en verblyfkoste uit, maar ontbyt en middagete elke dag, vervoer tydens die program sowel as al die stileertoerusting wat jy gaan nodig kry, is ingesluit. Bespreek jou werkstasie by anene.deklerk@media24.com of skakel 021 406 4546.



Saam met 'n professionele fotograaf sal jy die geleentheid kry om 'n werklike ruimte te stileer.



So werk jy met kleure, patrone en teksture.





Sawyer-TV-kas R3 500

Hampton-hanglamp van bamboes (groot) R799,99



Wit uitgesnyde Glastonbury-kanttafel
R999,99



Amalfi-mini-
kershouer van
keramiek R39,99

Sassy Geo-mat (120 x
180cm) in vlootblou en
oker R299,99 elk



Strooi-kussing met
boemerang-motief
(50 x 50cm)
R199,99



Strooi-kussing met
Aloha-blaarmotief
(55 x 55cm)
R159,99

Moccasin-kussing van
chenille (60 x 60cm)
R199,99



Wit kamerverdeler R999,99



Industriële
nestafeltjies R1 800

Sierra-mat van
chenille (160 x
230cm) R2 000



KOM SAAM

winkels toe

MRP Home maak dit maklik
om jou huis smaakvol
in te rig.



Smaraggroen Marlow-
dagbed van fluweel R4 500



Mat silwer hanglamp
in Marokkaanse styl R1 200

 **mrphome**

BLY KOEL MET ISOBOARD

Verbeter jou huis se isolasie met energiedoeltreffende IsoBoard.

IsoBoard bied jou 'n isolasie-oplossing vir nuwe én bestaande geboue, en dis een wat jy maklik self kan installeer.

Nou kan jou huis enige temperatuurskommelings sonder moeite trotseer en kan jy jou leef- en werkruimtes gemaklik hou vir die volle leeftyd van die gebou.

Dié omgewingsvriendelike termiese isolasie is geskik vir al die onderskeie dele van jou huis en is net so veelsydig as wat dit doeltreffend is.

Dit hou jou huis se temperatuur konstant, wat beteken jy gebruik minder elektrisiteit vir verwarming of verkoeling.



IsoBoard is maklik om te installeer; kyk die video op tuis.co.za.



Het jy geweet?

- 1 IsoBoard kan met waterbasisverf en houtbeits behandel word om by jou kleurskema te pas.
- 2 Wanneer jy 'n nuwe plafon oorweeg, kan jy die oue behou en IsoBoard eenvoudig direk daaronder installeer – 'n vinnige, permanente oplossing met die minste moeite of gemors!
- 3 Aanliggende borde knip met tong-en-groefrande aan mekaar, wat installering vergemaklik en 'n ononderbroke hitte-isolasielaag verseker.
- 4 Gebruik IsoBoard se versteekte knippe en kleefmiddel wanneer jy jou plafon installeer.
- 5 IsoBoard is beskikbaar in diktes van 25–80 mm en lengtes van tot 8 m sodat dit aan al jou vereistes vir termiese isolasie sal voldoen.

LAAT HOOR VAN JOU!

KAAPSTAD 021 983 1140,
southsales@isoboard.com

DURBAN 031 569 1800, dbnsales@isoboard.com

PRETORIA 012 653 8204, northsales@isoboard.com

Vir nog wenke, planne en inligting, besoek
isoboard.com, "like" ons op facebook.com/isoboard
en volg ons op Twitter by @isoboard.

ISOBOARD

Premium Thermal Insulation Ltd • Walls • Ceilings • Roofs • Windows • Walls

ECO PRODUCT
STANDARD
GREEN BUILDING



Diere- maniere

Saamgestel deur Beatrice Moore-Nöthnagel

Kom speel!

Macy smeeek dat iemand die bal gooi.
– Johané Niemann, Kirkwood




Nuut op die mark

Jou hondekind sal gaande wees oor Hunter se Crunchy Biscuits (R134/150g; takealot.com, uitgesoekte supermarkte en troeteldierwinkels). Dit kom in twee heerlike geure, appel en lemoen. Boonop is dit glutenvry, wat dit geskik maak vir troeteldiere wat onverdraagsaam jeens dié proteïene is, en ryk aan hawervesel, omega 3 & 6 en vitamieene. Besoek huntersa.co.za.



Hallo, herfs!



Aristokat

Die koninklike Layla bak in die sonnetjie. – Lisa van Niekerk, Pretoria

Deur die blare

Snowflake is mal oor harktyd.
– Tanja Hattingh, Bethlehem





Stre-e-ek!

Die Russiese bloukat Ziegie spog met sy grys pels en treffende groen oë.
– Werner en Diana Burger, Pretoria



Piekniekhappie

Mr Peter Personality is tuis in die mandjie. – Michael en Diana Hindon, Stilbaai

Vlindereffek

Die dwergkees Taffadilla baljaar in die veld. – Donna Mac Farlane, Meyerton



WEN!

Die eienaars van die diere op die meegaande foto's wen 'n middelslag-Dream Pod vir honde of 'n groot Nookie Bag vir katte van Wagworld (wagworld.co.za; ook te kry by veearts- en troeteldierwinkels). Die Dream Pod van sagte, waterbestande seil het 'n sagte kussing, gestop met herwinde lapstroke vir lekker lê. Die snoesige Nookie Bag van koraalvlies en 'n sagte opstoppel is omkeerbaar en kan in die masjien gewas word. Stuur jou foto's (minstens 2MB elk) en volledige kontakbesonderhede na troeteldiere@tuis.co.za – dalk is jou dieremaat ook 'n wenner! Sien ons kompetisieëls op bladsy 128.



V&A

Kannabis vir troeteldiere

Kim Smith van Johannesburg skryf

Ek sien in die troeteldierwinkel daar is nou kannabis-produkte vir diere. Is dit geskik vir ons troeteldiere?



→ Dr. Omar Mehtar van die Tygerberg-dierehospitaal antwoord

Kannabis is nou in die mode as behandeling vir allerhande kwale – van kanker tot 'n jeukerige vel. Tans is geen kannabisprodukte van mediese graad geregistreer vir diere nie en is enige gebruik daarvan op troeteldiere nie-amptelik, wat beteken die eienaar aanvaar alle risiko as hulle dit vir hul troeteldiere gee.

As jy besluit om so iets op jou troeteldier te toets, kyk uit vir middels met min of geen THC, wat veiliger is vir gebruik. THC is die verbinding in kannabis wat 'n psigotropiese uitwerking op mense het; honde en katte sal nie bedwelm voel nie, maar THC kan hulle wel aantast.

CBD (kannabidiol) is die ander belangrike verbinding in kannabis en word tans bestudeer vir menslike medikasie. Dit word aangeprys vir baie kwale, met die sterkste wetenskaplike bewys dat dit effektief is teen van die ergste epilepsie-sindrome by kinders, soos Dravet-sindroom en Lennox-Gastaut-sindroom, wat gewoonlik nie reageer op medikasie teen toevale nie.

Talle studies het getoon dat CBD die aantal toevale kon verminder, en in sekere gevalle dit heeltemal kon stop. Onlangs is Epidiolex, die eerste medisyne met 'n kannabis-basis vir dié toestande, deur die Amerikaanse voedsel- en dwelm-administrasie goedgekeur.

CBD word gewoonlik gebruik teen angste en slapeloosheid, en kan moontlik 'n alternatiewe behandeling vir verskillende soorte chroniese pyn wees. 'n Studie in die *European Journal of Pain* het met 'n dieremodel aangedui dat CBD wat op die vel aangewend word, pyn en inflammasie weens artritis kan help verlig. Nog 'n studie het getoon dat CBD inflammatoriese en neuropatiese pyn – twee van die moeilikste soorte chroniese pyn om te behandel – onderdruk. Meer navorsing op mense (en diere) is nodig om CBD-voorstanders se bewerings oor pynbeheer te staaf.

As jy 'n bepaalde middel het wat jy op jou troeteldiere wil gebruik, bespreek die voor- en nadele daarvan met jou veearts.

KONTAK tah.co.za 🏠

Dié maand in jou tuin

Dié maand kan jy meerjariges verdeel en nuwe bome, struike, lentebloommende jaarplante en bolle plant.

Saamgestel deur Gillian Eva • Foto's Francois Oberholster en verskaf



Gillian Eva

WENKE VIR RYP

In gebiede waar dit vroeg kan ryp, is dit raadsaam om liever later in die oggend nat te maak sodat plante kan droog word en die grond kan opwarm voor die son sak. Beskerm plante met kommersiële rypdoek, wat lig en water inlaat. Los dit sommer op die plante totdat die rypgevaar verby is.

Dis planttyd

As jy droom van 'n kleurrike lentetuin, moet jy in die herfs wanneer die aarde begin afkoel begin voorbereidings doen. Plant inheemse en eksotiese bolle wat in die lente blom sodat hulle ná die wintermaande in hul volle glorie kan pronk – vul beddings, rotstuine, houters en hangmandjies met dié skoonhede.

Winter- en lentebloommende jaarplante is veelsydig: dit werk in massa-aanplantings, randakkers, potte, vensterbakke en hangmandjies. Plant kompakte variëteite langs 'n paadjie en rondom lentebolle. Laat dié met 'n spreidende groeiwyse oor lae mure en uit potte, vensterbakke en hangmandjies tuimel, en gebruik hoër groeiers vir kleur in 'n randakker.



Pronkertjie

Tulp

Dubbele
affodil

Ranonkel

Enkel-
affodil

Papawer

Anemoon

Wat sê 'n naam?

Tuinmaak is soveel interessanter as jy die betekenis van plantname begryp. 'n Naam help boonop die tuinier om die voorkoms en groeiwyse van 'n plant beter te verstaan, asook watter toestand dit verkies.

In 1707 het 'n Sweedse plantkundige, Carl Linnaeus, met 'n binomiale stelsel begin orde skep in die identifisering van plante. Dis 'n formele stelsel waardeur lewende spesies 'n naam kry wat uit twee dele (genus- en spesienaam) bestaan.

Die botaniese naam *Rosmarinus officinalis* vir roosmaryn is die eerste keer in 1753 gebruik. Maar Linnaeus het die noue ooreenkoms tussen roosmaryn en salie raakgesien, en besef dis net hul meeldrade wat verskil. Meer onlangse navorsing het gewys dié verskil is minder beduidend as wat voorheen gedink is, en daarom is roosmaryn se botaniese naam verander na *Salvia rosmarinus*.

Roosmaryn is 'n waterwys, immergroen struik van die Mediterreense streek met 'n spreidende of regop groeiwyse. Sy aromatisiese blare is leeragtig en donkergroen bo-op, met 'n wit poeieragtige onderkant; en sy klein blomtrosse kan wit, pienk of blou wees. Kweek regop groeiende roosmaryn in potte en kruietuine, of snoei dit in heinings of ander vorms; gebruik spreidende roosmaryn as 'n grondbedekker.

Die staatsman en filosoof sir Thomas More (1478–1535) het geskryf: “Ek laat roosmaryn oral op my tuinmure groei, nie net omdat my bye daarvan hou nie, maar omdat dit heilig is vir herinnering en vriendskap.”



Beelde deur (van links)
Marieke Prinsloo, Anton
Momborg en Daniel Nel.



Beelde in die tuin

Internasionale Beelddedag op 25 April 2020 vier dié kunsvorm en sy besonderse bydrae tot die samelewing. Beelde kan tydelik wees (soos met sand-, sneeu- en ysbeeldhouwerk), of permanent in brons, marmer, klip, metaal, hout en ander mediums. Die werke van wêreldklas Suid-Afrikaanse beeldhouers is te sien in private en openbare tuine, kantoorgeboue

en hospitale en op wynlandgoedere en kampusse.

Kuns in jou tuin behoort by die huis se argitektuur te pas en die styl van die tuin aan te vul. Beelde kan visuele interessantheid reg deur die jaar bied, fokuspunte skep of stil nadenke aanmoedig.

'n Klein tuin hoef nie noodwendig die

grootte van jou beelde te beperk nie.

Oorweeg 'n lewensgroot standbeeld in 'n roosbedding; 'n bok in 'n woudtuin met boomvarings en wilde-irisse, of Afrika-beelde tussen inheemse plante. Of herhaal oorgroot potte tussen laag groeiende plante.

Let wel Veiligheid in die tuin is altyd 'n prioriteit en alle beeldhouwerk moet stewig staangemaak word. >>

Waterslim



Die fraaïste vetplante!

Gifmelkbos (*Euphorbia mauritanica*)

Die *Euphorbia*-familie is groot en divers, en sluit bekendes soos *Euphorbia tirucalli* 'Firesticks' en Christusdoring (*Euphorbia milii*) in. 'n Minder bekende familielid wat 'n baie aantreklike tuinplant maak, is die gifmelkbos (*Euphorbia mauritanica*). Dit kom hoofsaaklik in die Noord-Kaap voor en groei tot 1 m hoog. Dis 'n aksentplant met dun, silindriese stele wat van Augustus tot Oktober geel blomme op die punte dra. Die tros dun stele staan uit teen omringende plante en wieg in die wind, wat beweging aan 'n bedding gee.

Kweek dit só Te veel water is omtrent die enigste manier om dié plant dood te maak. Dit groei in volson, middagson of oggendskadu. Dit verdra swak grond mits dit goed dreineer, dis droogtebestand en kan lae temperature trotseer. Gee water in matige hoeveelhede en laat die grond uitdroog voor jy weer natmaak.

Gebruik in die tuin Die gifmelkbos groei vinnig en is 'n nuttige aksentplant, veral in klein tuine, tussen ander vetplante, langs droogtebestande loof en blomplante, in rotstuine en in houters. Die geel blomme lok bye en skoenlappers.

Het jy geweet? Die botaniese naam kom van die vroeë oortuiging dat die plant in antieke Mauritanië in Noordwes-Afrika ontstaan het. Plante is in die 18de eeu Europa toe geneem en daar geplant.

Versigtig! *Euphorbia mauritanica* stel 'n melkerige sap vry as dit gesny word. Dit irriteer die oë en vel en is giftig as dit in groot hoeveelhede ingeneem word. Dra handskoene en beskerm jou oë wanneer jy die plant sny.

KONTAK Ngena Succulents; e-pos john@ngena.africa



Stoeplant van die maand

Voëlnesvaring

Dié tropiese plant (*Asplenium antiquum*) is nie net 'n puik aksentplant met sy heldergroen blare nie, dit filtreer ook gifstowwe uit die lug en vervaardig groot hoeveelhede suurstof. Dit vaar die beste in matige indirekte lig in 'n warm, vogtige vertrek. Plaas dit tussen ander plante om die humiditeit te verbeter. Maak seker die grond dreineer goed en hou dit eweredig klam, maar nooit deurweek nie (die oppervlak kan maar effens uitdroog voor jy weer natmaak). Maak in die winter minder nat. Voed een of twee keer 'n maand met 'n vloeibare misstof teen halfsterkte. Swak dreinerings, min lig of uitdroging kan plante vatbaar maak vir dop- en wolluise, asook spinmyte.

KONTAK plantimex.co.za

Waterwys plant van die maand

Salvia greggii

Salvia greggii en sy vele kultivars kan regop of spreidend groei en sy smal, leeragtige, aromatiese loof is geskik vir droë tuine en goed gedreineerde grond. Fyn, buisvormige blomme en skutblare verskyn van die lente tot die herfs in wit en skakerings van pienk, suurlemoen, salm en rooi, en lok bye, skoenlappers en nektarvretende voëls. Kweek dit as 'n vuller in 'n randakker of as lae struik. Snoei terug om 'n bosagtige vorm te behou. >>

PATIO WAREHOUSE



Die Grootste Verskeidenheid Pationmeubels en Bykomstighede in Afrika



www.patiowarehouse.co.za | 087 825 1120  

Centurion - 012 657 9400 | Randburg - 011 801 0820 | Kaapstad- 021 526 7240

Somerset-Wes - 021 840 4160 | Umhlanga - 031 566 8550 | George - 044 010 0102



Ludwig se rooshoekie

Johannes Swart van Bloemfontein skryf My 'Garden Pavilion'-rose groei so hoog dat ons nie die blomme kan geniet nie. Wat kan ek doen om die groei laer te hou?

→ **Ludwig antwoord** Rose wissel in hoogte, met variëteite soos 'Garden Pavilion' wat tot 2 m hoog kan groei. In die somer kan jy dooie blomkoppe afsny en die stele met die helfte terugsnoui om die hoogte te beperk. Indien jy dit nie so "manipuleer" nie, sal die rose aanhou om "steel op steel" blomme te dra, en in ons lang blomtyd van 5–6 vlae sal die struik net al hoe hoër groei en meer intens blom op korter stele. Aan die ander kant verskaf die groot blaredak meer krag aan die wortels en moedig lang, sterk basale lote aan om hul weg na bo te vind.



Carissa Nel van Pietermaritzburg skryf My 'Frohsinn 82'-rose kry gereeld water en bemesting, maar die onderste blare raak bruin en val af. Is dit 'n siekte?

→ **Ludwig antwoord** Dit is 'n natuurlike proses in die herfs, selfs by rose wat goed gevoed word. Die stele het verdik en gooi die blare af. Die onderste blare is ook nou in die hoër kroon se skadu en dra nie veel by tot fotosintese nie; daarom besluit die plant hy het daardie blare nie meer nodig nie.

KONTAK ludwigsroses.co.za

[KOM SOEK PAASEIERS]

Maak Sondag 12 April 'n draai by Ludwig's Rose Farm noord van Pretoria en gee die kleinspan 'n dag om te onthou tussen die rose. Hier kan hulle die Paashaas se spoor vat op soek na versteekte lekkergoed en geskenkbewyse wat hulle vir 'n sjokoladehasie-en-lekkergoedpak kan inruil. Skakel 012 544 0144 om te bespreek.

Roostake vir elke streek in April

Somerreënstreek Voorkom swartvlek op natgedoude blare deur twee keer 'n maand met Chronos of Rose Protector te spuit. Voeg Ludwig's Insect Spray by teen plaë en bemes nader aan die middel van die maand. Los gerus rose wat weens swartvlek hul blare afgegooi het om dormant te raak; dis nie nodig om te spuit of te bemes nie. Bemes gesonde rose. Maak nou net een keer 'n week nat.

Winterreënstreek As dit reën, spuit gereeld met Chronos of Rose Protector teen swartvlek, donsskimmel en roes. Bemes met Vigorosa in die middel van

die maand. Maak nou minder nat. Los gerus rose wat weens swartvlek hul blare afgegooi het om dormant te raak; dis nie nodig om te spuit of te bemes nie. Knyp gereeld dooie blomkoppe af sodat struik netjies bly.

Laevelde en KwaZulu-Natalse kus Maak minstens een keer 'n week goed nat indien dit nie reën nie, om seker te maak dat rose aanhou blom. Beheer plaë, veral rooispinnekop, met 'n weeklikse toediening van Ludwig's Insect Spray. Bemes met Vigorosa in die middel van die maand.



Vra vir JJ

Onkruidpyn

Marinda Vorster van Middelburg, Mpumalanga skryf Watter onkruid doders sal geskik wees om onkruid uit te wis sonder om my gras te laat vrek?

→ **JJ antwoord**

Probeer iets soos Versus. Wag dan ses weke voor jy diere daar laat wei of enige weiding baal. Jy kan ook een deel nou spuit en later weer 'n volgende deel.



'n Hupstoot

Jeanne Venter van Somerset-Wes skryf Ek het dié rankrose so vier jaar gelede gekoop. Die eerste twee jaar het die eerste vlag baie blomme gelever, maar toe niks verder nie. Verlede jaar was daar feitlik niks. Ek het dit oorweeg om hulle uit te haal, maar nou het elke plant 'n paar rose. Is daar iets anders wat ek kan doen, of is dit maar net hoe dié tipe roos blom?

→ **JJ antwoord**

Jou plant lyk gesond en toon geen rede hoekom dit nie blom nie. Dalk was daar nog genoeg voeding van die vorige seisoen wat die plant genoeg krag gegee het om te blom, maar toe raak dit uitgeput. Dien 8:1:5 toe – dis voeding wat genoeg kalium aan die plant gee om baie blomme te vorm. >>



Luister Saterdag om 07:30 na JJ se Groen Vingers-tuingselsies met Derrick Gardner in sy program Brêkfis met Derrick.



DIE DIE EEN



THE PROPERTY SHOW

KAAPSTAD

21-22 MAART | CTICC

**Suid-Afrika se grootste
eiendomsekspo kom weer Kaap toe om
jou te help om jou eiendomsdoelwitte te bereik.**



Standard Bank



NEDBANK

Bespreek jou kaartjies by **thepropertyshow.co.za**

Tuinkopies

Saamgestel deur **Beatrice Moore-Nöthnagel**



Nuut by die kwekery

Die beste van albei

Dis nie 'n *Petunia* of 'n *Calibrachoa* nie, maar die nuwe *Petchoa* 'BeautiCal' is die beste van albei genusse. Dié plante blom soos 'n *Calibrachoa*, met 'n menigte blomme in 'n magdom kleure. Die blomme is amper so groot soos petunias, maar dié weerbestande plante herstel vinniger as standaard-petunias nadat dit gereën het. Dis ook beter bestand teen meeldou en het 'n lang blomtyd – van die lente tot einde somer. Die plant is geskik vir die stoep en balkon, houers en hangmandjies, asook kleiner tuinbeddings.

KONTAK ballstraathof.co.za



Muurmonteerbare planthouer
R259,99, MRP Home



Sixth Floor-buitekussing
(60 x 60cm) R499,
superbalist.com



Biodyne's SmellAway
Greywater Septic
Tank-reukverdrywer vir
gryswater (1 liter) R115,
ysterwarewinkels en
tuinsentrums



Boxy Bird Box-
voëlvoerder
R1 590, knus.co



Voëlvoerder
R199,99,
MRP Home



Jobe-vullisdrom op
wiele (240 liter)
R895, Builders

Millennium-
geutbesem
R110, Builders



Chronos-swamdoder vir roossiektes
(100 ml) R139, ysterwarewinkels en
tuinsentrums



*Terug op
die mark!*

Neutrog Bounce
Back-bemesting
(10kg) R140,
ysterwarewinkels
en tuinsentrums

Ligte vir buite-kuiers (8,6 m)
R849, MON Exteriors



Sixth Floor Corfu- geweefde buitemat (1 600
x 2 300mm) R1 599, superbalist.com



VERSKAFFERS Builders 0860 284 533, builders.co.za **MON Exteriors** 0861 866 766, monexteriors.com **MRP Home** 0800 212 535, mrphome.com

www.lincolngstevens.com



I deserve it

Begin		Skryf- ding		Winter- gereg		Skryf- stafie		Wesp		Het in die kryt deel- geneem	Komers- blom			
								Dine- sentimeter						
		Sowel Kikoejoe, bv.		Menigte		Seeleu				Sy ... is groter as sy maag				
Onsin	Albaster		Oslo of Berlyn, bv.					Ram se maat						
			Her en ...		Stereo	Net 'n paar						Ingiet	Olike Senior (afk.)	
Opspo- rings- toestel						Bobeen		Is verplig		Mom- bakkies		Sagte materiaal Praat		
			Knol- groente Slimme						Die ... aangee (voorbeeld)					
Kunswerk Naald en ...	Tussen sonder en nag	Indiese prinses					Uitsit Versoek			Astaat (simbool)			Uitstrek Onder die voet	
				Teen- staan		Hoog- water Plattrek						Soos Spar- geld		
Inlei								Verste punt		Skryf- vloeistof			Nie boe of ... sê	
Opvoeder (inf.)					Voor Dinsdae Noute							Hoër op Stadion		
Lid van die iris- familie							Plooi	So 68 cm	Briek	Oudi- torium				
													Sagte metaal	Dik word
		Kaper, bv. Aanlyn soek								Bietjie Swyn				
		Drade Het gekla						'n Verbod						
									Styl					



WEN! Een van agt boeke uitgegee deur Human & Rousseau ter waarde van R220 elk kan joune wees.

Aanspreeklikheid gaan oor 'n skrywer, Jaco Diehl, wat op Hermanus woon en werk aan 'n boek oor Napoleon se omstrede minister van polisie. Maar wanneer Jaco die getuie word van 'n poging tot moord en nog dade van geweld elders volg, begin sy lewe disintegreer. Tog lyk dit nie of hy omgee nie, maar die gedagtes aan konflik en geweld koester. Die titel kry betekenis wanneer die leser agterkom dit gaan oor iemand wat nie aanspreeklikheid aanvaar vir sy keuses in 'n wêreld van geweld en irrasionele mense nie. Wie het die moord gepleeg, en kan die skrywerverteller vertrou word? Die eerste 8 lesers wie se korrekte blokraai ons trek, wen 'n eksemplaar van *Aanspreeklikheid* ter waarde van R220!

Stuur die voltooide blokraai en jou kontakbesonderhede voor 30 April 2020 na *Tuis-blokraai #140*, Posbus 1802, Kaapstad 8000, of skandeer jou ingevulde vorm en e-pos dit na kompetisie@tuis.co.za. Sien ons kompetisiereëls op bladsy 128.

Naam Adres
Poskode Sel Tel. (w) E-pos

KOM KOOP & KUIER!

Wat is nou lekkerder as 'n samekoms van kreatiewe mense met dekor, handwerk, geskenke en kos? Dís wat op jou wag by ons heel eerste TuisHome-mark.



Getty Images

Elke maand wys *Tuis* pragtige dekor, handwerk en interessante kosprodukte van reg oor die land. Nou kry die blaai lewe by ons heel eerste Tuis | Home-mark! Met 'n verskeidenheid uitstallers, demonstrasies, en eet- en drinkgoed te kies en te keur, belooft dié mark op die historiese wynplaas Nooitgedacht buite Stellenbosch 'n fees van kreatiwiteit.

Wil jy die mark bywoon?

Maak 'n aantekening in jou dagboek en koop jou kaartjies by quicket.co.za.

Datum 28–31 Mei 2020

Kaartjies 'n Verskeidenheid opsies is beskikbaar – van dagkaartjies tot vierdagpasse, en 'n *Besties*-aanbod met afslag as jy op een slag kaartjies koop vir jou en 'n maat. Kyk by quicket.co.za.



Getty Images



[NUUSFLITS]

Die gewilde Boerevintage-geskenkmark wat jaarliks in Desember duisende mense lok na die Redberry Farm in George, bring 'n mini-mark na die Tuis | Home-mark. Met meer as 50 stalletjies net in die Boerevintage-tent kan jy benewens geskenke en dekor ook uitsien na 'n verskeidenheid klere en juwele. Kom kyk self!

Wil jy kom uitstal?

Besoek tuishomemark.co.za vir die aansoekvorm en inligting oor stalletjies. As jy vrae het, stuur e-pos aan Anita Grindlay-Whieldon by anita@tuis.co.za of bel haar by 083 594 3349.

Quicket

NOOITGEDACHT
ESTATE

TUSSEN DIE berge EN DIE see

Deur Marié Esterhuyse • Foto's Kosie Jansen van Rensburg

Met massa-aanplanting en 'n liefde vir
interessante heinings maak Larisa Brody tuin.

WIE WOON HIER?

Larisa en Hubert Brody, hul
tienerkinders Rebecca en
Alex, en Sputnik die
Schnauzer

WAAR Somerset-Wes

GROOTTE VAN TUIN 1 ha

GRONDTIPE Kleigrond

In die middel van die groot olyfboom met sowat 100 bome loop 'n paadjie wat met sonsondergang oranje-rooi verkleur.

Vlooi-kruie groei in die beddings waarin die olyfbome geplant is toe en massa-aanplantings van onder meer engelverkie, spoorsalie, roosmaryn, perswildeknoffel en die grasse *Pennisetum orientale* 'Shogun' en *Muhlenbergia capillaris* groei tussen die rye.



Van die roostuin af loop 'n breë graspaadjie met gemengde beddings aan weerskante. In dié beddings, wat omraam is met oranjejasmyn, groei *Salvia leucantha*, engelvlerkies en tuinheliotrope in groot groepe bymekaargeplant. Dit gee in die somer en herfs baie kleur. >>

Van 'n mengelmoes van plante tot orde en asemrowend mooi – dit is die gedaantewisseling wat Larisa Brody se tuin in vyf jaar ondergaan het.

“Ons het einde 2014 van Gauteng af Somerset-Wes toe getrek en die eiendom gekoop vir sy groot tuin en die uitsig op die Helderberg aan die een kant en die see en die Hottentots-Hollandberge aan die ander kant,” vertel Larisa. “Met ons intrek het ek besef die tuin het baie aandag nodig. Toe ontmoet ek Pietman Diener, 'n tuinkenner van Stellenbosch, en voor ek my kom kry, was ons met 'n massiewe projek besig!”

Die tuin is in twee fases aangepak. Eerste aan die beurt was die inrit en sypaadjie, die skaduryke tuin rondom die tennisbaan en die deel naaste aan die huis. Pietman het met Larisa en Hubert se voorkeure en idees in gedagte 'n meesterplan geteken, en Danie Steenkamp van DDS Projects het in Augustus 2015 met die projek begin. Dit het sowat ses maande geduur. Die tweede fase het eers in September 2018 aan die beurt gekom.

“Daar was baie gras en heeltemal te veel verskillende plante en veral agapante in die tuin. Met 'n swak boorgat was die water min en van die plante verdroog,” verduidelik Larisa.

“Die tuin was plek-plek donker en oorgroei. Ons het bome soos die amberbome (*Liquidambar styraciflua*), besemtrosvy (*Ficus sur*), kajapoetboom (*Melaleuca quinquenervia*) en witstinkhout (*Celtis africana*) geïdentifiseer wat ons wou hou, maar die oormaat silwereike (*Grevillea robusta*) en kasuurbome (*Pittosporum viridiflorum*) is uitgehaal. Die dennebome se lae takke is afgesaag om die bome meer elegant te laat lyk en dié wat te na aan mekaar was, is afgesaag om meer lig deur te laat.”

Nuutgemaak en hergebruik

Om seker te maak die tuin kry genoeg water is 'n nuwe boorgat gesink en waterenks wat altesaam 40 000 liter kan hou, is staangemaak. Die grensheinings, wat voorheen net lemmetjiesdraad was, is vervang en die plante en gras wat hulle wou hergebruik of weggee, is uitgehaal. Waar moontlik is die vlakke in die tuin net so behou, maar rondom die huis is dit gelykgemaak en is klipmuurtjies en trappies gebou. Massas kompos en bogrond is by die kleigrond ingewerk, en met die besproeiing in plek kon Danie en sy span begin plant.

“Ek hou van massa-aanplanting en omdat die tuin so groot is en ek self graag daarin werk, was dit die perfekte oplossing,” sê

Larisa. “Dit maak my werk minder en skep 'n gevoel van orde en eenvoud. Ons het soveel moontlik van die bestaande plante behou, soos die groot *Viburnum tinus*-struik onder die dennebome. Dit is net hard teruggesny sodat dit weer mooi kon uitloop, en nou vormsnoei ons dit.

“Ek geniet my tuin elke dag. Dit is die plek waar ek kan rustig wees ná 'n besige dag. Dis vir my heerlik om op die stoep te sit en te kyk hoe die berge se kleur met sonsondergang verander of hoe die maan opkom. Dit is ook vir my lekker om my tuin met ander te deel en te sien hoe mense dit geniet – soos toe ons dogter en al haar maats hul matriekafskeidfoto's hier laat neem het.”

Kruidjie-roer-my-nie (*Melianthus major*) se reuk herinner Larisa aan haar kinderdae. “Die vorm van die blare is dramaties en ek hou van die gedagte dat dit sommer oral langs die paaie in Suid-Afrika groei.”



Ek verkies massa-aanplanting. Dit maak
die tuin baie *makliker* om te onderhou,
omdat daar meer orde is. – Larisa


Larisa het grasse soos
Muhlenbergia capillaris
in die voorgrond en
Pennisetum orientale
'Shogun' met hul pienk
pluime tussen van die rye
olyfbome geplant.



Die struktuur van die ommuurde tuin (*sien bl. 103*) is minder opsigtelik gemaak met houtskoolkleurige verf, en welige Bostonse klimop groei dit toe. Die olyfboord is sigbaar deur die opening waar voorheen 'n venster was. >>

Ek hou daarvan om *nuwe projekte* aan te pak.
Daarom wil ek graag meer plante kweek wat *bye*
lok sodat ek my eie *keuning* kan oes. – Larisa





'n Baksteenrand om die grasperk keer dat die beddings groter word elke keer dat die rande gesny word. Dit verhoed ook dat gras by die beddings ingroei.


Hubert het gesê ons kan enigiets
doen solank die *tennisbaan behoue*
bly en hy gedurende die projek kan
aanhou speel! – Pietman



[LARISA SE TUINWENKE]

- Lees tuinboeke en -tydskrifte. Ek kan ure lank daardeur blaai en 'n mens kry ongelooflik goeie idees daarin.
- As jy honde het en hulle hardloop paadjies deur jou beddings, maak paadjies waar hulle dit wil hê. So hou jy almal tevrede!
- Plant lentebolle soos ranonkels in die roostuin, dan lyk dit vroeglente al mooi, nog voor die rose in Oktober begin blom. Ek spuit die rose elke twee weke in die lente en somer met 'n mengsel van een eetlepel Funginex, een eetlepel Aphicide Plus, drie eetlepels Nitrosol, drie eetlepels asyn en drie eetlepels skottelgoedwasmiddel in 10 liter water.
- Verf grensmure swart of houtskoolkleurig. Dit laat die mure "verdwyn".
- Ons gooi twee keer per jaar Eco Pellets, 'n organiese bemesting wat ek by Agrimark koop, in die beddings en werk ook gereeld tuisgemaakte kompos in. In die lente en somer bemes ons die gras met KAN wanneer dit nie mooi groen is nie. Ongelukkig is hier baie molle wat hope grond op die gras uitstoot. Daarvoor het ek nog nie raad nie!

Larisa hou baie van heinings (*regs en onder*), of dit nou reguit lyne het of in 'n interessante vorm gesny is. Dit gee die tuin struktuur en lyk heeljaar mooi. Die heinings word gesnoei wanneer dit onnet lyk of wanneer dit te hoog groei en die uitsig belemmer.



[PIETMAN VERTEL]

"Die Australiese ontwerper Paul Bangay se werk was die inspirasie vir Larisa se tuinontwerp. Sy tuine met hul tradisionele uitleg en formele elemente soos gelyk oppervlakke, reguit lyne, grasperke en massa-aanplantings werk baie goed saam met die argitektuur van die Brody's se huis.

"Hoewel die uitleg formeel is, word dit versag deur die bome en massa-aanplanting van 'n uitbundige en losser aard, en het dit 'n natuurlike voorkoms. Die tuin is nog jonk en gaan namate die heinings groei en die verskillende tuinkamers meer gedefinieer raak, nog mooier vertoon.

"Dit was 'n wonderlike projek en Larisa 'n droomkliënt. Dit voel vir my asof ek haar gehelp het om haar tuin te 'bou' en nou kan sy dit self verder mooi maak."



Die inheemse pambatieboom (*Anastrabe integerrima*) is vir dié rondgesnoeië heining gebruik, terwyl ligusterheinings (*regs*) die roosbeddings omraam.





Ek hou van Paul Bangay se styl, maar dit kan nogal formeel wees. *Ek het vir Pietman vrye teuels gegee* om die tuin te beplan met dit in gedagte. Wat ek wel wou hê, was 'n roostuin, kamille-grasperk, *waterfokuspunt* en massa-aanplantings met orde. – Larisa

Tuinkamers

Pietman het die tuin in verskillende kamers verdeel, elk met 'n unieke karakter en plantkeuse. In groot dele het hy massa-aanplantings gebruik en saam met Larisa plante gekies op grond van interessante teksture, kleure en maklike onderhoud.

1 Parterre

By die voordeur is 'n parterre, 'n formele bedding met netjies gesnyde kniehoogte-heinings van liguster (*Ligustrum ibota*) wat 'n patroon vorm. Aanvanklik is swart mondogras en lamsore tussenin geplant, maar dit was nie suksesvol nie. Nou is Larisa besig om in die oop dele nog heinings in 'n diamantvorm te skep. Dié formele ontwerp word afgerond met 'n eenvoudige fontein met koperpypies as waterspuite. Dié fontein was hier en is net so behou. >>

Liguster

2 Inrit, sypaadjie- en woudtuin

Dié deel van die tuin het baie aandag geverg. Keermuurtjies in die inrit het die witstinkhoutbome se wortels vasgedruk en onooglike grys keerblokke het die sypaadjietuin se grond in posisie gehou. Larisa het dié blokke vervang met skanskorwe wat gevul is met bouommel van muurtjies wat afgebreek is. Bruin sandsteenklip van Stonehenge Marble & Granite rond die skanskorwe af sodat dit lyk asof dit van dié klip gebou is.



Rondom die tennisbaan is bome in die woudtuin uitgehaal om meer lig in te laat. Met die baie bome in dié deel groei hier oorwegend skaduliewende plante, hoofsaaklik met wit blomme – onder meer krismisrose (*Hydrangea*), *Azalea alba*, Japannese anemone (*Anemone*-hibriede), spoorsalies (*Plectranthus*-spesies) en die gewone sneeubal (*Viburnum opulus* 'Sterile'). Larisa het poublomme (*Dietes grandiflora*) wat hulle elders in die tuin uitgehaal het, in die sypaadjietuin geplant.


3 Groot olyfboord

Larisa het haar inspirasie vir 'n eie olyfboord gekry toe sy die Wellington Wine Walk gestap het. Daar en dan het sy besluit om olyfolie te begin maak wat sy Spook Hill gaan noem – na die boonste deel van die Parel Vallei-pad naby hul huis.

"Somerset-Wes se klimaat is ideaal vir olywe en ons het genoeg plek daarvoor. Dit was ook tydens die erge droogte in die Wes-Kaap en ek wou iets plant wat meer waterwys is. Olywe en die massa-aanplanting rondom die boord is almal met min water tevrede. Daar is sowat 100 'Frantoio'- en 'Coratina'-olyfbome; albei is geskik vir olie," vertel sy. >>

Klippaadjies lei deur die woudtuin. Die tekstuur van die klip en interessante blaarvorme het heeljaar trefkrag.





'n Groep laaggroeiende
plante onder 'n klompie
bome is altyd treffend.
Dit gee die bome 'n meer
dramatiese voorkoms en
voltooi die prentjie.

– Pietman


Die kamille-grasperk
met vlooiakruid en
bergtee tussenin.

4 Klein olyfboord met kamille-grasperk

Een van Larisa se wense was 'n grasperk van kamille (*Chamaemelum nobile*); dit is ook een van haar gunstelingplekke in die tuin. Die grasperk is onder 36 'Frantoio'-olyfbome en tussenin groei vlooiakruid (*Erigeron karvinskianus*), tiemie (*Thymus doerfleri* 'Bressingham') en die inheemse bergtee (*Geranium incanum*). Hierdie massa-aanplanting gee 'n treffende voorkoms aan die boord, 'n heerlike geur en 'n sagte gevoel onder jou voete. Dié tuinkamer lei onderdeur 'n heining van *Viburnum tinus* 'Compacta' na 'n boma van klip – 'n kuierplek waar 'n kajapoetboom (*Melaleuca quinquenervia*) met sy growwe stam hope karakter verleen. 'n Groot groep grasse (*Pennisetum orientale* 'Tall Tales' en *P.* 'Cream Falls') sorg vir beweging.

5 Roostuin en gemengde bedding

Naby die huis is Larisa se roostuin. Hier het sy vier roosbeddings wat met netjies gesnoeide ligusterheinings omraam word. In die beddings groei van haar gunstelingrose soos 'My Granny', 'Antique Silk', 'Roberto Capucci', 'Magaliesburg Rose' en 'Rina Hugo' – almal in skakerings van pienk en roomkleur. Van die roostuin af loop 'n breë graspaadjie met gemengde beddings aan weerskante. In dié beddings, wat omraam is met oranjejasmyn (*Murraya exotica*), groei *Salvia leucantha*, engelvlervkies (*Oenothera lindheimeri*) en tuinheliotrope (*Heliotropium arborescens*) in groot groepe bymekargeplant. Dit gee in die somer en herfs baie kleur.



Plataanbome verskaf skaduwee in die somer. Die bome is getop sodat hulle nie te groot groei vir die ruimte nie.



Ek is nie seker of ek weer rose sal plant nie. Om rose in die droë, winderige Kaap te kweek is nie dieselfde ding as in Gauteng waar dit in die somer reën nie. – Larisa

6 Ommuurde tuin

Wat eers 'n buitegebou was, is nou 'n pragtige ommuurde tuin met 'n koidam in die middel. "Dié struktuur is te ver van die huis om dit behoorlik as 'n kuierplek te benut en die dak het die pragtige uitsig op Landdroskop belemmer. Ons het besluit om dit af te breek," onthou Larisa. "Die dag voor ons dit sou doen, het 'n paniekbewange Pietman my gebel en gesê die dak en vensterrame moet af en uit, maar die mure moet bly. Hy het voorgestel dat ons die res van die struktuur laat toerank met Bostonse klimop (*Parthenocissus tricuspidata*) en 'n koidam in die middel bou. Dit was beslis die regte ding om te doen!"

In die herfs verkleur die Bostonse klimop in skakerings van oranje en geel, en somermaande is die hele struktuur groen. Dit skep 'n interessante tuinkamer met 'n unieke karakter.

Rondom die ommuurde tuin groei sterjasmyn (*Trachelospermum jasminoides*), terwyl heroutstropet (*Beaumontia grandiflora*) en Chileense jasmyn (*Mandevilla laxa*) van die binnemure toerank. Japannese anemone, aronskelke (*Zantedeschia 'Green Goddess'*) en oranjejasmyn blom in skakerings van wit en groen.

In die koidam groei waterlelies. 🏡

KONTAKTE EN VERSKAFFER
DDS Projects ddsprojects.co.za
Pietman Diener 072 376 5632
Stonehenge Marble & Granite
stonehenge.co.za



In massa-aanplantings kan groot groepe plante afgewissel word om dit interessant te hou, soos in hierdie randakker met engelvlervkies (*Oenothera lindheimeri*) en koringblomme (*Scabiosa africana*) in blokke.

Mooi in massas

Deur Marié Esterhuyse • Foto's Francois Oberholster,
Kosie Jansen van Rensburg, Deryck van Steenderen en Martin Bester

Gee trefkrag met groot groepe van dieselfde plante, selfs in 'n klein tuin.

Perswildeknoffel (*Tulbaghia violacea*) en mondogras (*Ophiopogon japonicus*) in 'n sirkelvormige ontwerp geplant vir visuele trefkrag.

As daar baie van een soort plant in 'n bedding of tuinkamer groei, het jou tuin trefkrag én is jou werk minder! Pietman Diener, tuinkenner van Stellenbosch, vertel meer:

“Massa-aanplanting het baie voordele en kan in groot sowel as kleiner tuine gebruik word. In 'n groot tuin soos dié van Larisa Brody (sien die storie op bl. 90) kan dit heeltemal oorweldigend raak as jy 'n te groot verskeidenheid plante in al die verskillende dele of tuinkamers het. Deur in party van die kamers 'n groep van net een soort plant te gebruik, skep jy 'n rustiger gevoel met groter trefkrag. Jy sien die plante regtig raak,” verduidelik hy. >>

Onderhoud

Nog 'n voordeel van massa-aanplanting is dat dit jou werklas verminder en jou tuin meer ekonomies en waterwys maak. Aangesien die hele bedding dieselfde waterbehoefte het, kan jy daarvolgens natgooi en kry niks onnodig water nie.

"Onderhoud is ook makliker," sê Pietman. "Al die plante vereis dieselfde aandag op dieselfde tyd. Dis ook meer ekonomies om die bedding vol te kry – verdeel bloot die bestaande plante of maak steggies daarvan."

Baie plante wat geskik is vir massa-aanplanting verg min sorg nadat hulle geplant is. Ornamentele grasse is 'n baie goeie keuse en hoef net een keer per jaar kort gesny te word. By agapante sny jy bloot die dooie blomkoppe af, *Dietes* het geen onderhoud nodig nie en 'n grondbedekker soos mondogras lyk met die minimum onderhoud altyd mooi.

'n Rits van bepaalde plante kan selfs in 'n heining gesnoei word. Al moet dit wel van tyd tot tyd netjies gesny word, wat natuurlik werk vereis, maak dit indruk met relatief min moeite.

Massa-aanplanting is ook 'n baie goeie manier om die aandag op tuinornamente soos 'n beeld of 'n pot te vestig, sê Pietman. "Deur een tipe plant rondom so 'n element te hê, sien jy dít eerder as die plante daarrondom raak."

As jou tuin klein is, kan jy massa-aanplantings eenvoudig op 'n kleiner skaal doen. "Deur byvoorbeeld vyf tot sewe van 'n soort saam te plant, skep jy in die klein ruimte die indruk van oorfloed, maar ook van eenvoud. En as jy net 'n stoep of 'n balkon het, plant 'n paar van dieselfde plante in potte en groepeer hulle saam. Goeie keuses vir dié doel is malvas op 'n sonnige balkon en fuchsias op 'n skaduryke stoep."



Pietman Diener

Bergtee
(*Geranium incanum*)

Geskikte plante

Die volgende plante werk goed vir massa-aanplanting, elkeen vir 'n spesifieke doel.

Agapant

Plantgids

- ✓ Volson tot halfskaduwee
- ✓ Waterwys
- ✓ Redelik ryptestand
- ✓ Meerjarig
- ✓ Hoogte en wydte wissel

1 Vir 'n inheemse bedding

Agapante (*Agapanthus*)

Agapante is altyd 'n staatmaker en perfek vir massa-aanplantings. Deesdae is daar baie verskillende kultivars om uit te kies. Groter plante met groot blomme soos *Agapanthus* 'Blue Flare' en *A.* 'Purple Delight' is perfek vir massa-aanplanting in 'n groot tuin, terwyl die kleiner *Agapanthus* 'Barley Blue' en *A.* 'Double Diamond' goed werk in kleiner tuine. Dié inheemse plante is waterwys, groei maklik en blom die hele somer lank. Plant dit sowat 30cm uitmekaar in komposryke grond wat goed dreineer en gee gereeld water tot hulle gevestig is; daarna vra dit min water.

Agapante groei vinnig en vermeerder vanself. Verdeel die plante as dit 'n te digte pol vorm en plant uit waar nodig. Sny gereeld die dooie blomkoppe af, maar los teen die einde van die seisoen van die blomme aan die plant sodat dit kan saad vorm. Die dooie blomme is ook mooi en gee jou bedding 'n voorkoms wat by die najaar pas.

[NOG OM VAN TE KIES]

Wilde-iris (*Dietes grandiflora*) en poubloom (*D. bicolor*) is waterwys en blom die hele somer lank. Hoewel die blomme nie lank hou nie, blom dit so oorvloedig, daar is feitlik reg deur die seisoen blomme aan die plant. Die inheemse *Aristida junciformis*-gras maak 'n mooi vertoning en gee beweging aan 'n bedding. Boslelies (*Clivia miniata*) en spoorsalies (*Plectranthus*-spp.) is pragtig onder bome of aan die skadukant van die huis.



Clivia

2 Eenjariges

Papawers (*Papaver*-variëteite)

As jy die voorkoms van jou bedding kort-kort wil verander, saai eenjariges soos dié vrolike rooi papawers. Dié plante groei maklik van saad en blom oorvloedig in die lente en vroeë somer. Saai dit in die herfs in komposryke grond en hou nat totdat die saailinge goed gevestig is. Omdat papawersaad so klein is, is dit moeilik om die saad individueel te saai. Die saailinge kom dus plek-plek baie na aan mekaar op. Dun uit of los net so vir 'n massa blomme.

Los die plante ná blomtyd in die bedding sodat die saadkoppe kan droog word, want dit maak ook 'n mooi vertoning. Sny die saadkoppe versigtig af wanneer dit droog is en trek daarna die hele plant uit. Skud die fyn saadjies uit in 'n papiersak of bakkie, of bêre dit met saadkop en al – hulle sal self in die houer uitval. Saai weer in die herfs. Papawers is nie goeie plukblomme nie, so geniet dit in jou tuin.

Sommige papawers blom ander tye van die jaar – kyk agterop die saadpakkie wat elkeen se saai- en blomtyd is.

[NOG OM VAN TE KIES]

Vir nog eenjarige lenteblomme, saai Kaliforniese papawers (*Eschscholzia californica*), koringblomme (*Centaurea cyanus*) of Namakwalandse madeliefies (*Dimorphotheca aurantiaca*). Laasgenoemde is 'n goeie keuse vir warm en droë streke.

Vir somerblomme, saai eenjariges soos jakobregops (*Zinnia elegans*), kosmos (*Cosmos bipinnatus*) en sonneblomme (*Helianthus annuus*); doen dit sodra jy die papawers uitgetrek het.

Plantgids

- ✓ Volson
- ✓ Gemiddelde waterbehoefte
- ✓ Redelik rypbestand
- ✓ Eenjarig
- ✓ Hoogte sowat 30 cm

3 Meerjariges en struik

Engelvlerkies (*Oenothera lindheimeri*)

'n Massa van dié plante bymekaar maak 'n pragtige vertoning met hul fyn wit en effens pienk blomme aan dun takkies. As daar selfs net 'n ligte briesie waai, lyk dit soos skoenlappers wat dans in die wind. Dié plante is gehard, met baie min water tevrede en blom dié hele somer lank. Plant dit sowat 30 cm uitmekaar in goed gedreineerde komposryke grond.

Die plante verg min onderhoud. Sny liggies terug ná die eerste oorvloedige blomtyd om dit aan te moedig om nog meer blomme te produseer; sny vroeg in die winter heeltemal terug. Dit selfsaai maklik – of vermeerder dit deur die polle te verdeel. Engelvlerkies is goeie plukblomme. Plant *Oenothera lindheimeri* 'Belleza' as jy die donkerpienk engelvlerkies verkies.

In hul volle
somer glorie lyk
engelvlerkies soos 'n
massa skoenlappers.

Plantgids

- ✓ Volson
- ✓ Waterwys
- ✓ Rypbestand
- ✓ Windbestand
- ✓ Meerjarig
- ✓ Hoogte 50 cm

[NOG OM VAN TE KIES]


Sterjasmyn (*Trachelospermum jasminoides*), spoorsalies (*Plectranthus*-spp.), 'n verskeidenheid varings of Japannese anemone maak 'n mooi vertoning onder bome. Daglelies (*Hemerocallis*-hibriede), laventel, salies soos *Salvia leucantha* en aalwyne is geskik vir 'n bedding in die son. Struik soos krismisrose, asaleas en 'n roos soos 'My Granny' is ook perfek vir massa-aanplanting.





Die vorm en *voorkoms* van die plant is baie meer opsigtelik wanneer daar *meer van 'n soort* bymekaar groei. – *Pietman*

Massas rotstuiensalies is 'n waterwys opsie wat min onderhoud vra.



Woestynrosie



Plantgids

- ✓ Volson
- ✓ Waterwys
- ✓ Rypbestand
- ✓ Hoogte 30cm

4 As grondbedekker


Gousblom (*Arctotis*-hibriede)

Die inheemse gousblom het baie dieselfde voorkoms as die alombekende botterblom (*Gazania*-hibriede), maar groei effens hoër met langer blomstingels. Dit blom in die lente en vroeë somer en het 'n gryserige blaar. Daar is 'n groot verskeidenheid hibriede beskikbaar met blomme in pienk, rooi of geel. Plant dit in volson in goed gedreineerde grond. Kies kugousblom (*A. stoechadifolia*) vir 'n tuin by die see; dit aard baie goed in sanderige grond. Die plant is droogtebestand en sal groot dele vinnig toegroei.

[NOG OM VAN TE KIES]

Ander grondbedekkers wat geskik is vir massaanplanting is vlooiëkruid (*Erigeron karvinskianus*), rotstuinsalie (*Plectranthus neochilus*) en bergtee (*Geranium incanum*). Of plant woestynrosies (*Echeveria*-hibriede) vir hul mooi blaarvorm. In 'n skadukol is feetjie-crassula (*Crassula multicava*) 'n goeie keuse. Dit blom in die winter. Klimop (*Hedera helix*) aard in die son en skaduwee en is ideaal as jy 'n baie groot oppervlakte met een plant wil laat toegroei. 🏡

Bronne Maak tuin saam met Keith Kirsten deur Keith Kirsten; Die Suid-Afrikaanse Watter blom is dit? deur Kristo Pienaar; Cape Garden 021 988 4137, capegardencentre.co.za; gardenia.net; gardenerdy.com; thespruce.com



BOBOTIE
Resep op bl. 115

Eiers by dosyne!

Kry heerlike, heilsame kos in 'n
k(l)its op die tafel!

*Deur Johané Neilson
Foto's Francois Oberholster*

**SPEK-EN-
EIERBROODJIES**
Resep op bl. 115



Kerrieaartappel-eiers

Dié menere is iets tussen 'n eierfrikkadell ("Scotch egg", 'n gekookte eier omhul in wors en krummels) en die Australiese sjef Bill Granger se heerlike kerrieaartappelresep.

Genoeg vir 6

Bereidingstyd: 1 uur

Gaarmaaktyd: 30 minute

- 6 mediumgroot eiers
- 'n knippie koeksoda
- 500 g baba-aartappels, in kwarte gesny
- 15 ml botter en olie
- 2 knoffelhuissies, fyngekap
- 2 cm vars gemmer, geskil en fyngerasper
- 3 ml swart mosterdsaadjes
- 3 ml borrie
- 5 ml kerriepoeier
- 3 sprietuie (net die wit dele), gekap
- 1 groen brandrissie, gekap
- 6 kerrieblare
- 2 murgpampoentjies, gerasper
- sowat 125 ml meel
- 2 eiers, geklits
- sowat 200 ml panko-broodkrummels
- olie vir diepbraai
- suurlemoen en jogurt vir voorsit

1 Sit die eiers in koue water in 'n kastrol, voeg 'n knippie sout en koeksoda by en bring tot kookpunt; kook vir 4 minute. Dreineer en sit dadelik in yswater om die gaarmaakproses stop te sit. Dop die eiers af en hou in die yskas tot nodig.

2 Kook die aartappels in soutwater tot gaar. Smelt die botter en olie saam in 'n pan en braai die knoffel, gemmer en mosterdsaadjes saam tot geurig. Roer die gaar aartappel, borrie, kerrie, uie, brandrissie, kerrieblare en murgpampoentjies by en braai vir 5 minute. Verwyder van die hitte en druk die roerbraai fyn met 'n vurk om 'n growwe kapok te vorm. Maak die mengsel plat op 'n bord en sit somer in die yskas om vinnig af te koel.

3 Verdeel dan die koue kerriekapok in ses gelyke dele. Druk die eerste hoeveelheid plat op jou handpalm, sit 'n gekookte eier bo-op en vorm versigtig die aartappel rondom die eier tot heeltemal bedek. Maak seker daar is nêrens 'n gaatjie nie. Herhaal met al 6 eiers.

4 Doop nou die eiers eers in meel, dan in die geklitste eier en rol dit dan in die krummels. Verhit olie 3 cm diep in 'n kastrol en braai die eiers daarin tot mooi goudbruin buite en deurwarm – die vulsel is mos gaar. Dis heerlik met 'n paar druppels suurlemoen en jogurt.



Bobotie

Vul jou huis met die geure van die Bo-Kaap. Moenie skrik vir die lang lys bestanddele nie, dis verspot maklik as jy eers alles bymekaar het.

Genoeg vir 8–10 ruim porsies
Bereidingstyd: 30 minute
Gaarmaaktyd: 1 uur 30 minute
Oondtemperatuur: 180 °C

- 5 dik snye dag oue witbrood
 - 250 ml melk
 - 15 ml olyfolie
 - 30 ml botter
 - 2 groot uie, gekap
 - 3 vet knoffelhuisies, gekap
 - 30 ml masala
 - 10 ml fyn borrie
 - 10 ml fyn komyn
 - 10 ml fyn koljander
 - 3 naeltjies
 - 2 cm vars gemmer, geskil en gerasper
 - 1 rooi brandrissie, fyngekap
 - 30 ml blatjang
 - 30 ml appelkooskonfyt
 - 125 ml sultanas of sagte gedroogde appelkose, gekap
 - 125 ml amandelvlokkies, gerooster
 - 'n ruim knypie gedroogde kruie
 - 5 ml seesoutvlokkies
 - vars gemaalde swartpeper na smaak
 - 1 kg maer maalvleis
- VLA**
- 5 eiers
 - 300 ml dubbelroom-jogurt
 - 8 suurlemoen- of lourierblare
 - dungsnyde suurlemoenskyfies (opsioneel)
 - piesangskyfies en klapper vir voorsit

- 1** Week die brood in die melk. Druk die deurweeke brood stukkend met 'n vurk in die melk en hou eenkant.
- 2** Verhit die olie en botter saam en braai die uie tot glansend. Voeg die knoffel, masala, speserye, gemmer en brandrissie by en braai 'n paar minute tot geurig. Roer die brood en die res van die vulselbestanddele (behalwe die vleis) by, meng goed en verwyder van die hitte om af te koel.
- 3** Voorverhit die oond. Meng die afgekoelde uiemengsel deur die maalvleis en skep in 'n groot oondvaste bak. Klits die eiers en jogurt saam, geur met sout en peper en giet oor die maalvleismengsel.

4 Versier met die suurlemoen- of lourierblare en, as jy wil, 'n skyfie of twee dungsnyde suurlemoen. Bak sowat 1 uur, verhoog die oondtemperatuur na 200 °C en gee die vla dan nog sowat 5–10 minute in die oond om mooi kleur te kry. Sit voor met geelrys, piesangskyfies, ekstra blatjang en klapper.

Wenk Jy kan die maalvleismengsel 'n dag voor die tyd berei.

Spek-en-eierbroodjies

Toe ons klein was en maatjies oorgeslaap het, het my ma ons altyd bederf met 'n eenvoudige weergawe van dié smulbroodjies vir ontbyt. Myne het meer spek en partykeer sommer 'n gebakte eier ook bo-op.

Genoeg vir 8
Bereidingstyd: 10 minute
Gaarmaaktyd: 10 minute
Oondtemperatuur: 200 °C

- 300 g cheddarkaas, grofgerasper
- 100 g mozzarellakaas, grofgerasper
- 3 eiers, geklits
- 5 ml Dijonmosterd
- 'n knippie rissiepoeier
- 80 ml melk
- 8 repe spek, gehalveer
- 5 ml olyfolie
- 5 ml heuning
- 8 dik snye ciabatta, gerooster en met botter gesmeer

- 1** Meng die kaas, eiers, mosterd, rissiepoeier en melk. As jy tyd het, laat staan die mengsel 'n uur lank.
- 2** Braai die spek in die olie tot mooi bros en glaseer met die heuning. Dié stap is opsioneel, maar ek is mal oor so 'n sweempie soet.
- 3** Voorverhit die oond. Pak die broodjies op 'n gesmeerde bakplaat (ek gebruik bakpapier ook) en plaas twee stukke spek en 'n ruim skep van die kaasmengsel bo-op, van hoek tot kant. Bak die bultende broodjies sowat 10–20 minute lank of tot gaar en opgepof. Skep indien nodig ná die eerste 10 minute van die kaas wat afgeloop het terug op die broodjies voor dit verder bak. Die broodjies is heerlik net so, of sit voor met 'n gebakte eier bo-op vir 'n meesterlike ontbyt. >>

Op sigself is die eier 'n
mikrokosmos ... van 'n *geskikte,
deeglik gebalanseerde* dieet.
– C. Louis Leipoldt, Polfyntjies vir die proe





**CHIFFONKOEK-MET
ROOM EN KONFYT**
Resep op bl. 119

Chinese omelette

Klein geurpakkies propvol verrassings in elke happie – 'n heerlike manier om die laaste bietjies groente in jou laai op te gebruik.

Maak 12 omelette

Bereidingstyd: 20 minute

Gaarmaaktyd: 'n paar minute per omelet

- 125 ml gaar hoender of vark, fyngekap
- 125 ml rou steurgarnaalvleis, gekap
- 2 wortels, grofgerasper
- 5 sampioene, grofgerasper
- 2 murgpampoentjies, grofgerasper
- 1 rooi brandrissie, fyngekap
- 3 sprietuie, gekap
- 60 ml boontjiespruite
- 15 ml mielieblom
- 15 ml sojasous
- 10 ml oestersous
- sout en peper na smaak
- 5 eiers, geklits
- groenteolie vir vlakbraai

1 Meng al die bestanddele behalwe die olie in 'n groot mengbak tot 'n beslag.

2 Verhit 'n ruim skeut olie (genoeg om die bodem te bedek) in 'n kleefwerende pan. Skep nou 'n klein sopepel beslag in die olie (probeer om vulsel en eier saam te skep en roer die beslag gereeld).

3 Vorm 'n omelet van sowat 10cm en bak oor matige hitte vir 'n minuut of twee aan elke kant tot mooi bruin. Herhaal met die res van die beslag. Jy kan meer as een omelet op 'n keer braai as jou pan groot genoeg is. Reguleer die temperatuur soos met plaatkoekies sodat die olie nie te warm word nie. Dis heerlik as alternatiewe ontbyt, of saam met gestoomde rys as 'n maaltyd.

Wenk Vervang gerus die steurgarnale en hoender met oorskiet-braaihoender of gaar maalvleis.



Chiffonkoek met room en konfynt

Dié veerligte koek is baie veelsydig en kan met enigiets van botterversiersel tot sjokolade-ganache versier word.

Maak 1 x 23 cm-dubbellaagkoek

Bereidingstyd: 20 minute

Baktyd: 30–35 minute

Oondtemperatuur: 160 °C

- 280 g (500 ml) koekmeel
- 40 g (60 ml) mielieblom
- 15 ml bakpoeier
- 'n knippie sout
- 'n knippie kremetart
- 5 eiers, geskei
- 150 g (180 ml) strooisuiker
- 180 ml loutwarm water
- 125 ml olie
- 15 ml vanieljegeursel
- sowat 80 ml konfynt van jou keuse
- 250 ml room, geklop
- 5 ml strooisuiker (of na smaak), ekstra
- vars vrugte van jou keuse

1 Voorverhit die oond en voer die bodem van twee 23 cm-koekpanne uit met bakpapier. Moenie die pannetjies smeer nie – dié koek rys op sy beste as die beslag aan die koekpan kan “klou” terwyl dit bak; 'n gesmeerde pan sal die beslag laat afgly en die koek digter maak.

2 Sif die meel, mielieblom, bakpoeier en sout twee keer saam. Dit vang ekstra lug in die beslag vas en verseker 'n ligter koek.

3 Voeg die kremetart by die eierwitte en klits met 'n elektriese klitser tot stywe punte vorm. Voeg 125 ml van die suiker lepel vir lepel by en klits goed ná elke byvoeging totdat die eierwit styf en blink lyk soos meringue. Klits nou met dieselfde klitser die eiergele, die orige 55 ml suiker, water en olie en 5 ml van die vanieljegeursel saam tot gemeng en klits dadelik die meel by tot net gemeng. Dit moet glad wees, maar nie onnodig baie geklits nie.

4 Skep 'n lepel vol van die stywe eierwitte bo-op die beslag en vou vinnig in. Voeg die res van die eierwit by en vou alles nou in met 'n groot metaallepel tot net gemeng. Verdeel die beslag tussen die twee koekpanne en bak in die middel van die oond vir 30–35 minute of tot 'n toetspen skoon uitkom. Keer die panne om op 'n draadrakke en laat heeltemal afkoel.

5 Om saam te stel, haal die koek versigtig uit die panne en trek die bakpapier af. Smeer die onderste laag met jou gunsteling-konfynt, sit die tweede koek bo-op en rond af met geklopte room gegeur met die oorblywende vanieljegeursel en 5 ml suiker, en die vars vrugte.

BAKWENKE

- Moet nooit die oonddeur oopmaak terwyl die koek bak voor minstens die helfte van die baktyd verstryk het nie. Die koek kan platval weens die temperatuurskommelinge.
- Het jy geweet vars eiers klits nie styf nie? Winkelleiers is gewoonlik 'n dag of wat oud, maar laat staan plaaseiers altyd eers 'n dag of wat voor jy daarmee bak.
- Gebruik eiers teen kamertemperatuur wanneer jy bak, maar bêre in die yskas sodat hulle langer vars bly.
- Proe die olie voor jy daarmee bak. Olyfolie smaak ryk en heerlik, terwyl ou, galsterige groente-olie 'n wrang smaak aan gebak kan gee.
- Eierwit kan nie styf klits wanneer enige vet, olie of eiergeel daarmee in kontak kom nie. Maak seker jou mengbak en klitser is skoon en droog voor jy begin klits.

Tiramisu-meringue-roulade

Hierdie glutenvrye koek is ideaal as jy iemand wil bederf wat nie meel eet nie.

Maak 1 roudade

Bereidingstyd: 30 minute

Gaarmaaktyd: 30 minute

Oondtemperatuur: 170 °C

- 60 ml grondbontjiesukkies
 - 5 groot eierwitte
 - 'n knippie kremetart
 - 'n knippie sout
 - 5 ml kitskoffie of vanieljegeursel
 - 210 g (250 ml) strooisuiker
 - kakao of donkersjokolade as versiering
- VULSEL**
- 5 eiergele
 - 30 ml strooisuiker
 - 30 ml brandewyn
 - 1 houër mascarpone of volvet-roomkaas

1 Voorverhit die oond. Voer 'n reghoekige bakplaat (23 x 30 cm) uit met bakpapier en strooi die neut in 'n laag oor die papier op die bodem van die plaat.

2 Sit die eierwitte in 'n skoon metaal-, glas- of keramiekmengbak, voeg die kremetart en sout by en klits tot die eier stywe punte vorm wanneer jy die klitser oplaag. Roer die koffie by die suiker en klits dit lepel vir lepel by die eierwitte totdat die meringue blink en styf is.

3 Skep lepels vol van die meringue op die neut in die voorbereide plaat en smeer versigtig om 'n egalige laag bo-op die neut te vorm. Bak nou vir sowat 20 minute of tot ferm. Laat vir 10 minute afkoel.

4 Maak 'n dubbelkoker: Giet kookwater 2 cm diep in 'n klein kastrol en sit 'n glas- of metaalmengbak bo-op. Maak seker die bak pas netjies in die kastrol en maak die hele opening toe sonder dat die bodem aan die water raak. Sit nou solank die water op die stoof. Haal die mengbak af en klits die eiergele, strooisuiker en brandewyn saam daarin met 'n elektriese klitser totdat dit begin dik word. Plaas nou die mengbak bo-oor die kookwater (hou 'n vatlap byderhand; die bak gaan warm word) en klits 8 minute lank tot baie dik en gaar. Verwyder die mengbak van die hitte, sit dit in yswater en klits tot koud. Klits die mascarpone (in 'n aparte mengbak) tot glad en meng dit by die gaar eiermengsel om die tiramisu-vulsel te maak.

5 Smeer die vulsel oor die gebakte meringue en sit in die ys- of vrieskas totdat die mascarpone-laag gestol is. Rol nou die meringue met die vulsel versigtig op met behulp van die bakpapier sodat die neut aan die buitekant is, en plaas dit met die naatkant na onder op 'n mooi bord. Versier met gesifte kakao of gerasperde donkersjokolade en sit voor in dik skywe. Bêre in die yskas.

[BANOFFIE-VARIASIE]

Vir 'n makliker banoffievulsel, klits 160 g gesmelte donkersjokolade, 125 ml room en 125 ml karamel saam en smeer dit oor die meringue. Pak nou 'n lagie dingesnyde piesang bo-op die karamellaag en rol die koek op soos hierbo met die neut aan die buitekant.



Griekse hoendersop met suurlemoen en eier

Klassieke avgolemono is heilsaamheid in 'n bakkie. Die krag sop word tradisioneel eerste bedien met die hoender en groente apart as tweede gang, maar ek hou daarvan om die hoender te vlok en saam met die groente in die sop voor te sit.

Genoeg vir 8

Bereidingstyd: 30 minute

Gaarmaaktyd: 2 uur

- 15 ml olyfolie
- 30 ml botter
- 1 groot hoender, in stukke gesny
- 1 ui, gehalveer en gekap
- 2 selderystingels met blare, gekap
- 2 preie (net die wit gedeeltes), goed gewas en gekap
- 3 mediumgroot wortels, in kwarte gesny
- 2 lourierblare
- 5 ml peperkorrels
- 3 takkies elk pietersielie en tiemie
- 125 ml langkorrelrys of orzo
- 3 eiers
- sap van 2 suurlemoene

1 Smelt die olie en botter saam in 'n groot kastrol en braai die hoender goed bruin. Roer die groente, lourierblare, peperkorrels, pietersieliestingels (hou die blaartjies vir later) en tiemie ook by en bedek met water (sowat 2,5 liter). Bring tot kookpunt en laat prut stadig vir sowat 1 uur en 30 minute.

2 Skep enige skuim af en syg die sop deur 'n vergietes; giet die sop terug in die pot. Geur met sout, roer die ryskorrels by en laat prut vir 20 minute of tot die rys al dente is. Hoe langer die sop staan, hoe dikker word dit namate die rys swel.

3 Vlok die gaar hoender en verwyder die vel en bene. Sny die groente ook kleiner indien verkies en skep dit saam met die hoender terug in die pot, maar gooi die lourierblare, kruetakies en peperkorrels weg. Skakel die stoofplaat af en laat die sop effens afkoel.

4 Klits die eiers in 'n groot mengbak. Skep nou 'n soplepel vol sop by die eiers en klits. Klits nog sowat vier soplepels sop by die eiers en klits dan die eiermengsel by die pot sop. Die rede vir die heen-en-weer-klitsery is dat die eiers nie moet skif en drade maak nie. Geur laastens die sop na smaak met suurlemoensap (die hoeveelheid hang van die suurheid van die vrugte af). Garneer met 'n skyfie suurlemoen en strooi gekapte pietersielieblaartjies oor (hoewel laasgenoemde nie tradisioneel is nie) en geniet met 'n broodjie vir doop.

Let wel Omdat daar nie klaar bereide aftreksel of aftrekselpoeier in die sop is nie, is die smake baie skoon en moet jy dit dokter met sout, peper en suurlemoensap. 🍴



via.

DStv-kanaal 147

Uit die spens

Onthoukos met 'n kinkel **VIA** Die Burger se argiewe

Donderdae 21:00

www

viatv.co.za



VIATV



viatv

In samewerking met **DIE BURGER**

**FOOD
LOVER'S
MARKET**

Wonton-pakkies

Ons wys jou drie maniere om dié Chinese “potstickers” te vou met gekoopte wonton-deegvelle.

Deur Johané Neilson
Foto's Francois Oberholster

1 Kry die bestanddele gereed

Maak sowat 24 wonton-pakkies

VULSEL

Meng die volgende bestanddele in 'n bakkie, reg vir gebruik:

- sowat 200 g varkmaalvleis*
- 2 sprietuie, gekap
- 1 cm vars gemmer, geskil en fyngerasper
- 15 ml sojasous
- 'n knippie witpeper
- 15 ml sesamololie
- vars rissie na smaak

* Gevlokte gaar braaihoender, roomkaas, steurgarnale, kapokaartappel of gaar sampioene is heerlike plaasvervangers vir die varkmaalvleis.



2 Vul-en-vou

Bedek die klaar gevormde happies (ook die ekstra deeg) met 'n klam doek om te keer dat dit uitdroog terwyl jy werk. Druk al die lug uit terwyl jy vou – die deeg moet teen die vulsel wees, anders kan die pakkies oopgaan tydens gaarmaak.

In 'n driehoek

Skep 'n teelepel vol van die vulsel op 'n vierkantige deegvelletjie. Maak die rande nat met 'n kwassie of jou vinger. Vou in 'n driehoek en druk die rande versigtig vas. Maak nou die lang sy van die driehoek nat, vou die punte oor mekaar en druk vas.



In 'n vierkant

Begin soos met die driehoek, maar vou die vier punte van die vierkant na die middel van die vulsel. Werk al in die rondte en plak die sye twee-twee aan mekaar sodat dit 'n kruis vorm terwyl jy al die lug rondom die vulsel laat ontsnap.



Halfmaan

In 'n halfmaan

Skep 'n teelepel vol vulsel op 'n ronde deegvelletjie. (As jy net vierkante het, sny dit rond met 'n koekiedrukker.) Gebruik 'n kwassie of jou vinger en maak die rand reg rondom nat, vou toe in 'n halfmaan maar druk net bo in die middel vas. Vou nou die voorste deegrand net regs van die middelpunt in 'n plooi na links (sien foto); druk die plooi vas en maak dan nog so 'n plooi regs van die eerste een. Verseël die rand regs. Herhaal aan die linkerkant.





Let wel Wonton-deegvelletjies word meestal by Chinese kossupermarkte verkoop. Vra ook by jou naaste deli of loer in die vrieskas by kleiner spesialis-winkels.

3 Stoom voort

Verhit 'n ruim skeut sonneblomolie in 'n groot platboompan of kastrol met 'n deksel. Braai jou deegbondeltjies in 'n enkellaag totdat hulle goudbruin aan die onderkant is (sowat 1 minuut). Voeg sowat 125 ml water by die pan en sit dadelik die deksel op. Laat die deegbondeltjies sowat 3 minute lank so stoom. Haal die deksel af en laat die oortollige vog weggook.

Sit voor met jou gunsteling-doopsous – gekoopte rissiesous of hoisinsous, of 'n kombinasie van sojasous en sesamolie gegeur met gekapte rissie, gemmer en vars koljander is heerlik! 🍴



Kos is op die tafel!

Vier geurige gunsteling.

Deur Johané Neilson • Foto's Francois Oberholster

Gevulde skorsies

Onder R130 • Genoeg vir 4

Bereidingstyd: 20 minute • Gaarmaaktyd: 20 minute

- 4 groot skorsies
- 15 ml olyfolie
- 400g maer maalvleis
- 1 knoffelhuisie, gekap
- 1 rooi brandrissie, gekap
- 250 ml bevrore gemengde groente
- 200 ml klaar kaassous
- 250 ml gerasperde cheddar

1 Sny die skorsies middeldeur en kook in gesoute water vir 10 minute of tot sag. Haal uit, dreineer en krap die pitte uit. Sit die skorsie-“bakkies” op ’n bakplaat.

2 Verhit die olie in ’n pan en braai die maalvleis, knoffel en rissie tot geurig en gaar. Roer die groente by en geur na smaak met sout en peper; sit ’n deksel op die pan en stoom vir 5 minute.

3 Voorverhit die roosterelement. Skep die vleismengsel in die skorsies, giet die kaassous oor en rond af met ’n hand vol kaas. Bak vir sowat 5 minute of tot die kaas borrel. Sit voor met ’n slaai.



Bulgurkoringslaai met ertjies, ment en feta

Onder R85 • Genoeg vir 4

Bereidingstyd: 5 minute • Gaarmaaktyd: 20 minute

- 15 ml olyfolie
- 1 klein rooi ui, gekap
- 250 ml bulgurkoring
- 250 ml bevrore ertjies
- 2 wiele feta, in blokkies gesny
- 12 mentblare
- ± 125 ml granaatpitte
- SLAAISOUS
- 30 ml olyfolie
- 15 ml wit balsemiekasyn

1 Verhit die olie in ’n klein kastrol en braai die ui tot glansend. Voeg die bulgurkoring by, gevolg deur 500 ml water, en bring tot kookpunt. Kook vir 5 minute.

2 Sit die hitte af. Voeg die ertjies by die bulgurkoring, sit die deksel op die pot en stoom vir nog 5 minute tot die ertjies en koring gaar is en al die water geabsorbeer is.

3 Geur die bulgurkoring met sout en peper en strooi die ekstra olyfolie en asyn oor. Roer die feta, ment en granaatpitte deur en sit voor teen kamertemperatuur. Dis ’n lekker vegetariese gereg, of geniet dit as bykos saam met oondhoender.



Romerige varkkorma

Onder R125 • Genoeg vir 4

Bereidingstyd: 15 minute • Gaarmaaktyd: 20 minute

- 30 ml olie
- ±300 g varknek, in repe gesny
- 1 bossie spinasie
- 2 knoffelhuisies, gekap
- 2 cm vars gemmer, geskil en gerasper
- 15–30 ml korma-kerriepasta
- 1 patat, in klein blokkies gesny
- 250 ml room
- 1 bossie sprietuie, gekap
- 50 g amandelsplinters, gerooster
- vars koljander en gestoomde rys vir voorsit

1 Verhit die olie in 'n pot en braai die vark vinnig tot oraloor bruin. Skep die vleis uit, maar behou die olie.

2 Sny die spinasie se wit are uit; kap die blare en are apart fyn. Braai die are saam met die knoffel en gemmer tot geurig. Voeg nog 'n skeut olie by indien nodig.

3 Roer die korma-kerriepasta (kyk hoe sterk joune is voor jy dit inroer) en patat by. Braai vir sowat 2 minute voor jy die room byvoeg. Sit die pot se deksel op en kook vir nog 5 minute.

4 Roer die spinasieblare, vleis, sprietuie en amandels by. Laat liggies prut tot die vleis en groente net gaar en geurig is. Geur na smaak met sout en peper en sit voor met die vars koljander en rys.



Wortel-en-lensiesop

Onder R85 • Genoeg vir 4

Bereidingstyd: 15 minute • Gaarmaaktyd: 30 minute

- 30 ml olyfolie
- 1 ui, gekap
- 6 wortels, geskil en gekap
- 2 groot aartappels, in blokkies gesny
- 2 knoffelhuisies, fyngekap
- 2 cm vars gemmer, geskil en gerasper
- 1 blik (400 g) lensies
- ±750 ml aftreksel
- 15 ml garam masala
- 60 ml geroosterde pampoenpitte
- dubbelroomjogurt as garnering

1 Verhit die olie in 'n pot en braai die uie en wortels tot dit glansend is en begin verkleur (sowat 10 minute). Roer die res van die bestanddele – behalwe die garam masala, pampoenpitte en jogurt – by en bring tot kookpunt. Draai die hitte laer en laat liggies prut vir 20 minute of tot die groente sag is.

2 Gebruik 'n staafmenger en verwerk die sop tot glad of amper glad, afhangend van wat jy verkies. Geur met sout, peper en die garam masala, en garneer met die pampoenpitte en 'n lepel vol jogurt in elke bakkie. 🍴



kos & drank

Prettige Paasfees-bederwe!

Deur Johané Neilson • Foto's verskaf

Op die planke

Die Salt & Pepper Raffia-plank van akasihout (40cm; R699, home.co.za) is ontwerp met verskillende houtpaneel vir 'n besondere voorkoms wat aan 'n blokkiesvloer herinner. Is dit nie mooi nie?

KRY MY BY DIE TUINHEK

Geniet 'n betowerende ervaring op die grasperk van The Cellars-Hohenort in Constantia, Kaapstad, met 'n mandjie vol vars-gemaakte smulkos. Kies uit drie piekniek-mandjies met vaste spyskaarte; pryse begin by R185 per persoon. Besprekings 24 uur vooraf is noodsaaklik. Vir inligting en om te bespreek, stuur e-pos na restaurants@cellars-hohenort.co.za.



126 **tuis** April 2020



Gesinskos op sy beste

Die kortpadkos-afdeling in *Tuis* het 'n eenstopgids geword vir huiskokke wat elke aand van die week die gesin se mae moet vol kry. Dié beproefde resepte haal die sleur uit kosmaak én kry dit in 'n kits klaar! Omdat die resepte oor die jare so gewild was, het ons besluit om die 200 bestes te kies en dit in 'n nuttige "tydskrifboek" saam te vat: pragtige tydskrifinhoud in hardebandformaat wat tuis sal lyk op jou boekrak. **Kyk uit vir *Tuis Kortpadkos* (R195; 'n gratis groenteskiller ingesluit) by uitgesoekte winkels landwyd; dis vanaf 3 April op die rak.**



Kleur in jou kombuis
Stel van 4 mengbakke.
R199,99. mrphome.com

GEMMER-KAT

Met Opihr se heerlike klaar-gemengde jenever-en-tonikum-dranksies (R149 vir 'n pak van 4 by groot winkels landwyd) kan jy kies tussen 'n klassieke lemoengeur of 'n skeut gemmer; die bottels het 'n gerieflike draadtop.





Paashaas

Dié oulike hasie-bottel (R79,99, woolworths.co.za) kom met drie sjokoladebedekte malvalekkers (nie op die foto nie). Njam!



Smulkos in 'n kits

Checkers se Gourmade-reeks snelbevroe maaltye sluit geregte in soos die dekadente Pulled Beef- en Chicken a la King-pasteie – albei met 'n oop kors gemaak met regte botter. Vir varsheid word dié etes (te kry by uitgesoekte Checkers- en Checkers Hyper-winkels in Gauteng en die Wes-Kaap) minute nadat dit uit die oond kom, gevriesblaas om dit te preserveer en die voedingstowwe te behou. Boonop is dit in minder as 'n uur gereed om te eet.



DIE OU BLIKKANTIE

DIS IETS SPESIAALS

Die Stellenbosch Hills 2018 Anna Christina MCC (R215,70, stellenbosch-hills.co.za) word in klein maat gemaak uit 'n enkele wingerd se oes. Dié elegante vonkelwyn van chardonnay-druive kombineer die vars geure van Granny Smith-appels en sitrusbloeiels, met 'n neutige gisgeur op die neus en bruisende borrels in elke teug. Gesondheid!

STORIETYD

Tales, 'n wynreeks van Journey's End, het 'n stylvolle nuwe voorkoms en elke etiket vertel 'n ander verhaal. Die Haystack Chardonnay 2019 (R99, journeysend.co.za) is genoem na die praktyk om koring tussen rye wingerdstokke te plant met die doel om plantluise en vlieë te lok sodat hulle die wingerd met rus laat. Die wyn is kosvriendelik, met geure van suurlemoen en spanspek en 'n sweempie romerige eik in elke glas.



Die Chef'n 2-in-1 (R169, yuppiechef.com) maak dit kinderspeletjies om blaargroentes en kruie uit jou tuin te berei. Druk eenvoudig die kruiestingel – van krulkool tot tiemie – in die regte gaatjie, trek dit deur en kyk hoe die blare van die stam afglip. Ingeboude vlekvrystaallemme maak korte mette met die opsnwywerk. Makliker kan dit mos nie!



Skinny laMinx se vadoeke (R220 elk, skinnylaminx.com) word geskermdruk met waterbasis-ink op absorberende katoen – nou kan jy jou skottelgoed in styl afdroog!

Ons Suid-Afrikaners drink allerhande drankies uit blikkies, so hoekom nie ook wyn nie? Aluminium-blikkies is lig, maklik om te verkoel, veilig om te vervoer, pas gerieflik in koelsakke en jy het nie koppies of glase nodig nie. Die CanCan-wyne La Goulue Chenin Blanc en Satine Mourvèdre Rosé (R40 per 250-ml-blik, cybercellar.com) kom uit die Swartland-streek en is perfek vir pieknieks, langs die swembad of wanneer jy tuis uitspan.

MEER SKOP Gee die voedingswaarde van jou gunsteling-smoothie 'n hupstoot met Natural Herbs & Spices se nuwe rooibos-en-groentee-versterkers (R49,95 vir twaalf 5g-sakkies, Dischem-winkels landwyd). Sien meer by naturalherbsandspices.com. 🏠



SELFDOEN-SEËLSTEL VIR MOTORHUISDEURE

Moeg vir weerskade aan gestoorde goedere in jou motorhuis?
HOU DIE MEESTE KNAAGDIERE, SLANGE EN ANDER GEDIERTES UIT!

100% UV-BESTAND

Hierdie produk hou water en stof uit jou motorhuis!



Borselseel vir bokant en sye

Bestellings:
 Marlese Botha 084 945 5423
 of 039 976 0020
 E-pos-bestellings:
 sales@bigaltrading.co.za
 www.bigaltrading.co.za



Voor



Maklik om te installeer



Probleem Opgelos!

Milestone
 KITCHENS
 free standing designer kitchens

Die Kantoor in 'n Kas is die perfekte oplossing vir 'n studentewoonstel, klein ruimte of huis – met dié eenheid kan jy jou kantoor netjies "toesluit" sodat dit uit die oog is tot jy dit weer nodig kry.



Besoek milestonekitchens.co.za vir nog inligting en e-pos info@milestonekitchens.co.za vir 'n kwotasie.

Oesfees
 MARK
 TYDENS NAMPO

12-16 Mei 2020

12 - 15 MEI: 08:00 - 18:00
 16 MEI: 08:00 - 14:00

BAGAGOE / EETGOED / GESKENKE
 KUNS / KLERE / DEKOR / JUWELE

2.1KM SKUINS OORKANT NAMPO
 NOORDHEK PARKERING

NAVRAE: 083 715 6957

DIY DEON

- Kombuise & Kaste
- Dekor
- Werkswinkels & DIY opleiding
- Tuis Selfdoen kenner
- Binnhuysversiering

Deon De Goede
 084 589 5026
deon@diydeon.co.za
 tuis home

SEBO WERK VIR MY
 BETROUBAARHEID AS STANDAARD

VERVAARDIG IN DUITSLAND **OUTOMATIESE X7**

- BEKROONDE BETROUBAARHEID
- VERWYDER TROETEL-DIERHARE, HEELTEMAL
- OPTIMUM PRESTASIE, AUTOMATIES
- MAAK KNUS TEEN DIE VLOER SKOON
- GEBOU OM TE HOU

DIE NUWE GENERASIE

DIREK AAN JOU BESKIKBAAR MET GRATIS AFLEWERING!

VIR 'N VERPLIGTINGVRYE DEMO:
 086 111 4250 / INFO@SEBO.CO.ZA

BESTEL AANLYN BY: WWW.SEBO.CO.ZA

Kompetisiereëls

- 1 Enigiemand in Suid-Afrika mag deelneem, buiten werknemers van Media24, die kompetisieborger, hul filiale, advertensie- en promosieagentskappe en hul gesinslede.
- 2 Pryse word toegeken aan die eerste korrekte inskrywings wat getrek word en wenners sal telefonies of per e-pos in kennis gestel word.
- 3 SMS-kompetisiewenners word lukraak uit al die SMS-inskrywings gekies.
- 4 Die organiseerders se beslissing is finaal en geen korrespondensie sal daarvoor gevoer word nie.
- 5 Pryse kan nie verander, oorgedra, uitgestel of vir kontant geruil word nie.
- 6 Die onus rus op kliënte om die pryse te verskaf. Tuis kan nie verantwoordelik gehou word vir probleme met en verdragings in die gestanddoening van die pryse nie.
- 7 Pryse moet binne 6 maande ná kennisgewing opgeëis word; uitstel sal slegs verleen word indien die borge skriftelik daartoe instem.

LET WEL Weens variasies in die drukproses is verkleure in die tydskrif nie noodwendig 'n ware weergawe van die betrokke produk nie.

HANDGEMAAKTE SEMENT WASBAKKE
 KOMBUIS WERKSOPPERVLAKKE EN MEUBELS

082 577 3104
www.liquidconcrete.co.za, info@liquidconcrete.co.za
 @/liquidconcrete101 f/liquidconcrete101

SPESIALE AANBOD

jou praktiese huis-en-tuingids

tuis

SA se
No.1
huis-en-tuin-
tydskrif



R60,00 (BTW inkl.)
Namibië N\$60,00

April 2020

DOEN DIT SELF

**Fokusmuur
met afgewitte
bakstene**

KOOK MET EIERS

**Kerrie, koek &
croque monsieur**

+ Vul en vou wonton-pakkies

**Nuut:
Ons eie
dekorskool
Bl. 74**

**Teken in
en spaar 25%!**

**Plant in massas,
selfs in 'n klein tuin**

REGRUK MET FLAIR *Wenners*

**3 geldslim
opknappe**

UIT DIE BOKS

Jong argitek se
vraghouerhuis

O, SO MOOI

... met tweedehandse
kopies en verf

SELF GEDOEN

Van afgeleef tot byderwets
– vir net R150 000!

SKRYF NOU IN VIR 2020: daar's R100 000 op die spel!

GEDRUKTE WEERGAWE R468 per jaar*

DIGITAAL R468 per jaar*

NUWE INTEKENARE
SMS "TUIS" NA 32361

HERNUWINGS
SKAKEL 087 353 1300

E-POS
subs@media24.com

WHATSAPP
087 353 1333



BESOEK Zinio.com OF Magzter.com
OF Netwerk24.com

ZINIO
NETWERK24

*Jou intekening wat deur 'n maandelikse aftrekorder betaal word, word op 'n vooruitbetaalde basis voorsien en jou rekening sal 12 keer per jaar gedebiteer word. Intekentariëwe is onderworpe aan prysverhogings en jou betaalinstruksie sal ooreenkomstig die verandering in jou tarief aangepas word. Aangesien maandelikse subskripsies outomaties hernieu word, moet jy ons laat weet indien jy jou intekening wil kanselleer. Dié aanbieding geld tot 16 April 2020. B's en V's geld. Dié gedrukte aanbod is vir intekenare in SA; vir internasionale intekentariëwe, skakel +27 21 065 0033. Vir nuwe subskripsies, SMS jou besonderhede aan ons sodat ons met jou in verbinding kan tree. Elke SMS kos R1,50; gratis minute tel nie.



Van kanonne en tortelduifies



'n Mens moet dalk nie gaan krap aan die oorsake vir alledaagse irritasietjies nie, bevind Karin Brynard. Jy krap dalk net 'n groter nes van kwale oop.

Vyfuur smoors – die dag is nog 'n veraf gedagte – en ek skrik wakker met moordgedagtes.

Ek soek 'n kettie. Nee, 'n geweer. En hy hoef nie klein te wees nie. Kanon sal ook doen. Solank hy 'n groot genoeg knal het wat 'n duif sal maan toe pos.

Vyfuur is die tyd dat die tortelduifmannetjies in my boomryke buurt ontwaak – veral die een in die jakarandaboom reg onder my slaapkamervenster. En dadelik moet hy dit wyd en syd verkondig. Ek weet nie wat sy storie is en hoekom dit moet nie. Ek weet net hy's dringend oor die saak. En knaend. Onverstoorbaar. Eindeloos. Alles op een toonhoogte. Top-volume.

Ek het hom al gemeet, nè. Hy kan dit volhou vir 'n volle twaalf minute. En terwyl hy 'n paar oomblikke spoeg bymekaarmaak vir die volgende sarsie, begin daar 'n ander mannetjie so drie bome verder. En hy doen dieselfde. En twee en 'n half bome verder is daar weer 'n ander outjie. Ek laai kussings op my kop, maak die slaapkamervensters toe, sit die radio aan. Maar daardie gesaag van hom dring deur alles. Op die ou end moet ek buitentoe gaan en hom fisiek gaan verjaag.

Ek het nou al agtergekom hy hou nie van harde klaggeluide nie. Maar dit moet regtig hard wees. Handeklap, byvoorbeeld, is verreweg te flou. Hy sal hoogstens 'n paar sekondes op 'n ander tak loop sit en jou met 'n skewe koppie aanky. Asof jy die een is wat mal is. Dan begin hy weer.

By gebrek aan 'n haelgeweer, werk 'n boek, het ek vasgestel. Twee, eintlik. Die een moet 'n hardeband wees, verkieslik 'n koffietafelboek. En die ander een 'n lekker dik sagteband. Etienne van Heerden werk lekker. *Die biblioteek aan die einde van die wêreld* lê op gereedheidsgrondslag by die voordeur saam met 'n prentboek oor Rembrandt se etskuns. As jy die twee hard teen mekaar slaan, klink dit soos 'n olifantgeweer. *Die wêreld van Charlie Oeng* lê weer saam met 'n boek oor die grasse van die Kalahari by die agterdeur. Sodra daardie ventjie sy rumoer insit, vlieg ek na buite met my gewigtige lektuur en slaan alle desibels van die hel daaruit los. En daarom is ek so mal oor Etienne van Heerden. Hy's 'n

fantastiese skrywer én hy's 'n topklas duiwe-uitdrywer. Hy slaan wragtag lekker.

Maar *Streptopelia capicola*, oftewel die gewone Kaapse tortelduif, laat hom nie so maklik die loef afsteek nie. Hy vlieg proesend na 'n ander boom en sit daar met sy ronde rooi ogies en wag koggel-koggel tot my arms lam is. Dan kom hy doodluiters terug. Soms raak dit 'n marathon tussen my en hom. Maak nie saak waar ek in die huis is nie, as ek hom hoor, gaan looi ek hom met die letterkunde. Hy looi weer terug: Werk harrder, werk harrder, roep hy.

Ek gaan soek raad op die internet, maar kom per ongeluk af op slegte nuus. Daar's 'n moontlikheid dat die probleem by my lê. Bid jou aan. Mense met 'n hewige intoleransie vir sekere geluide ly aan misofonia, verklaar die wyse web. Spanning en angsstoornisse is dikwels die oorsaak. Ja raait, dink ek. Enigiemand met 'n tortelduif op hitte by jou slaapkamervenster sal spanning en angs ontwikkel. Maar dit kan ook 'n bringewas wees, lees ek verder. Of 'n kopbesering.

Issie, dink ek vervies. Dis nie ek nie.

Maar die internet hou vol: As sekere klanke jou tot raserny dryf, hét jy dit. Klanke soos dié van koffieslurpers. Of die klikke van rekenaar-toetsborde, selfoon-byklankies, lekkergoed-papertjies. En sonbesies. Ek het besemstokke reg rondom die huis naby die berkebome waar die sonbesies bedags sit en skree. As die gesuis vir my te veel raak, val ek die bome aan met die besemstokke. En dit werk. Die gogters hou dadelik hulle bekke!

Ek grawe op die internet vir meer inligting. Mense met dié "sindroom", weet hulle te vertel, raak emosioneel versteurd en selfs aggressief by die aanhoor van sekere "gewone" klanke, soos kou en sluk, 'n gekug of -snuif, trommelende vingers of ... ja, dieregeluide.

En die remedie? Geluid-afleiding, is die een mening. Jy aktiveer ander geraas. Ek blaai verby, dis gekke-advies. Sielkundige terapie, sê 'n ander gesaghebbend.

Gaan slaap in die Kaap, besluit ek en sit die rekenaar af. Is nie ek nie. Is die verdomde duif.

Die **grootste** meubelvervaardiger ter **wêreld**





snoesig



Daar is nie 'n warmer verwelkoming as dié van 'n Jeeves verhitte handdoek nie. Eerste ding in die oggend of ná 'n harde dag se werk word jou handdoek verhit tot perfeksie om jou in 'n snoesige omhelsing toe te vou. 'n Gevorderde vloeistofge vulde stelsel gee eweredige hitte oor die hele handdoek, wat jou koester van kop tot snoesig warm tone. Jeeves verhitte handdoekrelings is 'n Suid-Afrikaanse produk van 100% vlekvr ye staal, vervaardig volgens ons presiese spesifikasies. Hulle is ook ekonomies – die verhittingskoste beloop maar soveel soos 'n standaard-gloeilamp, wat dit 'n besonderse luukse maak wat almal kan bekostig. Is dit nou nie 'n warm gedagte nie?



GRAAD 304
VLEKVR YE STAAL



ENERGIE-
DOELTREFFEND



HIDRONESE VERHITTING
EKO-VRIENDELIKE OPSIE



EWEREDIGE HITTE-
VERSPREIDING



JEEVES
HEATED TOWEL RAILS

WWW.JEEVES.CO.ZA | @JEEVESHEATEDTOWELRAILS  